# in die
# begin

LOVE GOD GREATLY AFRIKAANS STUDIEGIDS

*IN DIE BEGIN*

Kopiereg © 2021 deur Love God Greatly Bediening

Toestemming word verleen om hierdie dokument te druk en te herproduseer vir die doel om die *In die Begin* aanlyn Bybelstudie te voltooi. Moet asseblief nie hierdie dokument op enige manier verander nie. Alle regte voorbehou.

Gepubliseer in Dallas deur Love God Greatly.

Bron vir Dagstukkies:
Ross, Allen P. *Creation and Blessing: A Guide to the Study and Exposition of the Book of Genesis*. Grand Rapids, Michigan: Baker Book House, 1998.

## BY LOVE GOD GREATLY VIND JY WARE, LEWENSEGTE VROUENS. VROUENS WAT ONVOLMAAK, MAAR TOG VERGEWE IS.

Vrouens wat minder van hulself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat graag vir God deur Sy Woord wil leer ken, want ons weet dat die Waarheid ons verander en vry maak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, deurdrenk in God se Woord en in ‘n gemeenskap met mekaar.

Welkom vriendin. Ons is so bly dat jy hier is…

# INHOUDSOPGAWE


001 WELKOM
002 HULPBRONNE
003 LOVE GOD GREATLY
004 SOAP STUDIE
007 GETUIENIS
009 INLEIDING
010 LEESPLAN
013 JOU DOELWITTE
014 WEEK 1
039 WEEK 2
064 WEEK 3
089 WEEK 4
114 WEEK 5
139 WEEK 6
164 KEN HIERDIE WAARHEDE

# WELKOM

*Maak gebruik van die volgende hulpbronne terwyl jy die studie volg:*

- Weeklikse Blogs
- Weeklikse Memoriseerverse
- Weeklikse Uitdagings
- Facebook, Twitter, Instagram
- LoveGodGreatly.com
- LoveGodGreatly.com/afrikaans
- Hashtags: #LoveGodGreatly #LoveGodGreatlyAfrikaans

Ons is verheug dat jy by ons aangesluit het vir hierdie Bybelstudie! Eerstens, weet dat daar vir jou gebid is! Dit is geen toeval dat jy aan hierdie studie deelneem nie.

Ons gebed vir jou is eenvoudig: dat jy nader aan God sal groei soos wat jy elke dag in Sy Woord delf! Soos jy die dissipline ontwikkel om daagliks in God se Woord te wees, bid ons dat jy Hom meer sal liefkry soos jy tyd spandeer om die Bybel te lees.

Elke dag, voordat jy begin om die aangewese Bybelverse te lees, bid en vra God om jou te help om dit te verstaan. Vra Hom om met jou te praat deur Sy Woord. Luister dan. Dit is Sy werk om tot jou te spreek, en jou werk om te luister en te gehoorsaam.

Neem tyd om die verse oor en oor te lees. Ons word in Spreuke geleer om te soek en ons sal vind: "Soek vir dit soos jy silwer sou soek, spoor dit op soos 'n verborge skat. Dan sal jy weet hoe om die Here te dien, sal jy ontdek wat dit is om God te ken." (Spreuke 2:4)

Almal van ons hier by *Love God Greatly* kan nie wag vir jou om te begin nie, en ons hoop om jou by die wenstreep te sien. Volhard, druk deur—en moenie opgee nie! Eindig sterk met dít waarmee jy vandag begin. Ons sal elke tree van die pad hier wees om jou aan te moedig! Ons is saam in hierdie proses. Streef daarna om vroeg op te staan, om die spanning van die dag opsy te skuif, om alleen te sit en tyd in God se Woord te spandeer! Kom ons sien wat God vir jou wil leer in hierdie studie! Reis saam met ons soos ons leer om God heelhartig met ons lewens lief te hê!

# HULPBRONNE

*Sluit By Ons Aan*

## AANLYN

lovegodgreatly.com

lovegodgreatly.com/afrikaans

## WINKEL

lovegodgreatly.com/store

## FACEBOOK

facebook.com/LoveGodGreatly

facebook.com/Love-God-Greatly-Afrikaans-717623225000335

## INSTAGRAM

instagram.com/lovegodgreatlyofficial

instagram.com/liefgodgrootliks

instagram.com/lovegodgreatlyafrikaans

## TWITTER

@_LoveGodGreatly

## LAAI DIE APP AF

## KONTAK ONS

info@lovegodgreatly.com

lovegodgreatlyafrikaans@gmail.com

## SKAKEL BY ONS IN

#LoveGodGreatly

#LoveGodGreatlyAfrikaans

# LOVE GOD GREATLY

*Love God Greatly* (LGG) is ‘n pragtige gemeenskap van vrouens wat ‘n verskeidenheid soorte van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord. Ons begin met ‘n eenvoudige Bybel leesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle plaaslike huise en kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens van reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ons ookal gebruik, ons neem liefdevol mekaar se hande en verenig vir hierdie doel: om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

*Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?*

In vandag se vinnig-veranderende, tegnologie-gedrewe wêreld, is dit maklik om God se Woord te bestudeer in ‘n geïsoleerde omgewing wat nie aanmoedig en ondersteuning bied nie, maar dit is nie die doel hier by *Love God Greatly* nie. God het ons geskape om in gemeenskap met Hom en die mense rondom ons te leef.

Ons het mekaar nodig, en ons leef die lewe beter saam. Sal jy dit oorweeg om uit te reik en hierdie studie saam met iemand anders te doen?

Wees verseker dat ons saam met jou hierdie studie gaan doen—ons gaan saam met jou leer, jou aanmoedig, soete samesyn geniet en van oor tot oor glimlag soos ons sien hoe God vrouens saamsnoer—doelgerig harte en gedagtes saambind tot Sy eer.

So hier is die uitdaging: betrek jou moeder, jou suster, jou ouma, die vrou oorkant die straat, of die universiteitsvriendin aan die ander kant van die land. Betrek ‘n groep vrouens van jou kerk of jou werk, of ontmoet in ‘n koffiewinkel met vriende wat jy nog altyd beter wou leer ken.

Arm om arm en hand in hand. Kom ons doen dit…saam.

# DIE SOAP BYBELSTUDIE METODE

## HOE EN HOEKOM

*Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe.*

By *Love God Greatly* glo ons dat die Woord van God lewendig en aktief is. Ons glo dat die woorde van die Bybel kragtig en effektief is en toepaslik is vir die lewe in alle tye en alle kulture. Ons weet ook dat die Bybel geskryf is vir spesifieke gehore in spesifieke kulture op spesifieke tye. Ons glo dat, om die Bybel korrek te kan interpreteer, ons 'n begrip moet hê van die konteks van die oorspronklike geskrifte.

Ons gebruik die SOAP Bybelstudie metode om die Bybel te bestudeer. Hierdie Engelse akroniem staan vir die woorde Scripture, Observation, Application, en Prayer (Skrifgedeelte, Observasie, Interpretasie en Gebed). Dit is een ding om net die Bybel te lees. Wanneer jy interaksie het met die Woord, doelbewus jou tyd neem om werklik daaroor te bepeins, dan begin waarhede vir jou uitstaan. Die SOAP metode maak dit vir jou moontlik om dieper te delf in die Bybel en meer te sien as wanneer jy net die verse lees. Dit help ons om nie net te hoor wat die Woord sê nie, maar om te doen wat die Woord sê (Jakobus 1:22).

In hierdie joernaal sal jy daagliks verse hê om te lees en 'n paar verse om te SOAP. Ons lees 'n gedeelte van die Bybel en pas dan die SOAP metode toe op 'n paar verse. Ons glo dat hierdie metode ons help om 'n beter begrip van die Bybel te kry, wat ons dan toelaat om dit effektief in ons lewens toe te pas.

Die mees belangrike bestanddele van die SOAP metode is jou interaksie met God se Woord en jou toepassing daarvan in jou lewe. Jy sal nooit tyd mors in God se Woord nie. Dit is kragtig en effektief. Neem jou tyd om dit nougeset te bestudeer, en om die waarheid van God se karakter en sy hart vir die wêreld te ontdek.

Ons moedig jou aan om die SOAP metode toe te pas wanneer jy die daaglikse verse lees. Neem asseblief die tyd om te SOAP deur ons Bybelstudies en sien vir jouself hoeveel meer jy uit jou daaglikse stiltetyd kry.

Jy sal verbaas wees.

# SOAP STUDIE *(VOORTGESIT)*

### MAANDAG

LEES
*1 Timoteus 1:1-7*

SOAP
*1 Timoteus 1:5-7*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

Hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop wat vir Julle in die hemel bewaar word en waarvan Julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan Julle verkondig is. Die evangelie het Julle bereik, en net soos dit in die hele wêreld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos dit werklik is. Julle is daarin onderrig deur Epafras, ons geliefde medewerker en 'n getroue dienaar van Christus in Julle belang. Dit is ook hy wat ons vertel het van die liefde wat deur die Gees in Julle gewek is.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

Wanneer Jy geloof en liefde kombineer, kry Jy hoop.
Ons moet onthou dat ons hoop in die hemel is......dit wag op ons. Die evangelie is die Woord van Waarheid. Die evangelie dra vrugte en groei van die eerste dag tot die laaste. Dit neem net een persoon om 'n hele gemeenskap te verander....Epafras.

**S** STAAN VIR **SCRIPTURE (SKRIFGEDEELTE)**

*Skryf die verse ten minste een keer neer.*

*Neem jou tyd, skryf die verse uit die Bybel neer en fokus op wat jy skryf.*

*Dit is altyd goed om dit meer as een keer neer te skryf.*

**O** STAAN VIR **OBSERVATION (OBSERVASIE)**

*Neem jou tyd om die Skrifgedeelte nougeset waar te neem.*

*Wat sien jy in die verse wat jy lees? Wie is die gehoor vir wie dit geskryf is? Met wie praat die skrywer? Watter kulturele faktore speel 'n rol? Word enige woorde of temas herhaal? Watter literêre middels (bv. beeldsprake, vergelykings) word gebruik?*

**A** STAAN VIR **APPLICATION (TOEPASSING)**

*Nadat jy nougeset waargeneem het wat in die Skrifgedeelte gebeur, bepaal wat die hoofboodskap of waarheid van hierdie gedeelte is.*

*Hoe kan jy hierdie waarheid in jou lewe toepas?*

*Wat moet jy vandag doen, in die lig van hierdie waarheid?*

*Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

God het een man, Epafras, gebruik om 'n hele dorp te verander! Ek was daaraan herinner dat ons net geroep is om ander van Christus te vertel....... God sal die evangelie laat versprei..... om dit te laat groei en vrugte te dra. Ek voel dat vandag se verse direk spreek to EGG..."en net soos dit in die hele wereld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by Julle van die dag af dat Julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos wat dit werklik is."

*Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

Liewe Here, help my asseblief om 'n "Epafras" te wees - om ander mense van U te vertel, en die resultate dan in U liefdevolle hande te los. Help my asseblief om dit wat ek gelees het, te verstaan en toe te pas in my persoonlike lewe, sodat ek elke dag meer en meer soos U kan word. Help my om 'n lewe te lei wat vrugte dra van geloof en liefde. Anker my hoop in die hemel, nie hier op die aarde nie. Help my om te onthou dat die BESTE nog voorlê!

**P** STAAN VIR **PRAYER (GEBED)**

*Bid God se Woord terug na Hom.*

*As Hy iets in hierdie tyd aan jou geopenbaar het, bid daaroor.*

*Bely enige sonde wat God geopenbaar het.*

*Bid oor die waarheid wat jy uit hierdie Skrifgedeelte geleer het.*



# GETUIENIS

## LGG SWAHILI TAK

As kind is daar met my hospitaal toe gejaag nadat ek 'n muntstuk ingesluk en dit in my keel vasgesteek het. Ek sou die volgende dag geopereer word want teen die tyd dat ek by die hospitaal opgedaag het, het die muntstuk tussen my ribbes vasgesit. Daardie nag het ek wakker geword en iets in my mond gevoel. Dit was die muntstuk wat wonderbaarlik uitgekom het! Op daardie oomblik het ek geweet dat God met my is en in die loop van my lewe, was Hy met my deur soveel meer!

Ek het in my tienerjare my lewe aan Christus gegee en sedertdien was dit my hartsbegeerte om voluit vir Hom te leef. Ek is dankbaar vir ouers wat my geleer het om Godvresend te lewe. Ek is in my mid-twintigerjare met 'n wonderlike Godvresende man getroud en ons is geseën met drie pragtige kinders.

Ons het in 2014 Australië toe verhuis. Na ons aankoms in Australië kon ek nie 'n Bybelstudiegroep vind om by aan te sluit wat in-diepte Bybelstudie doen nie. Dit was moeilik om een te vind wat by die skedule van my groeiende gesin ingepas het, toe begin ek maar soek na 'n aanlyn-Bybelstudiegroep. Ek het Love God Greatly in 2017 ontdek en by die 1 & 2 Timoteus studie aangesluit.

Ek is mal daaroor om die Love God Greatly studies te gebruik omdat ek op my eie tyd indieptestudies kan doen en met vroue van verskillende wêrelddele kan skakel. Die SOAP-metode daag my uit om toe te pas wat ek gelees het en help my om meer wysheid en insig te kry. My lewe is ryker as gevolg van hierdie wonderlike gemeenskap. Ek is bevoorreg om aan die LGG bemoediging- en vertaalspan te kan behoort. God het dit vir my moontlik gemaak om met my lieflike susters van Oos-Afrika saam te werk om die studies in Swahili te vertaal. As kind en in my grootwordjare het dit altyd vir my gevoel asof God by my is. Ek is geseën om hierdie hoop en bemoediging met vroue regoor die wêreld te deel. Ek is dankbaar vir die gawe van lewe en verlossing.

*Manoti*

***Om hierdie tak te kontak:***

- lggswahilibranch@gmail.com

Ken jy iemand wat ons Love God Greatly Bybelstudies in Swahili kan gebruik? Indien wel, maak 'n punt daarvan om hulle te vertel van Love God Greatly Swahili en al die wonderlike Bybelstudie-hulpbronne wat ons bied om hulle toe te rus met God se Woord!

*Hoe kan jy vir hierdie tak bid?*

Bid vir meer vrywilligers om met die vertalings te help en vir 'n Swahili-Facebookblad.

Vra vir God om wysheid en rigting vir hierdie tak te voorsien, en vir finansiële voorsiening vir taklede

# IN DIE BEGIN

*Kom ons begin*

# INLEIDING

## IN DIE BEGIN

Die eerste elf hoofstukke van Genesis kan moeilik wees om te verstaan. Alhoewel daar vandag baie debatte wêreldwyd is oor die ware betekenis van hierdie gebeure, kan ons berus in die waarheid dat God se Woord ons presies bied wat ons nodig het om toegerus te wees vir goeie werke (2 Timoteus 3:17), selfs in ons onsekerheid. Die boek Genesis as geheel vertoon die karakter van God; sy vriendelikheid, kreatiwiteit, heiligheid, regverdigheid, toorn, krag en majesteit word op elke bladsy duidelik uitgebeeld.

Genesis 1–11 beskryf die manier waarop God die wêreld geskep het. Hierdie hoofstukke is geskryf om die heiligheid van God te belig en te wys hoe die mens sy beeld dra. Hulle toon God se getrouheid teenoor diegene wat Hom volg, asook die manier waarop Hy met diegene handel wat, in opstand teen Hom, van sy weë afgewyk het. God se kreatiwiteit word in die skeppingsverhaal ten toon gestel, sy heiligheid word gesien wanneer Hy met sonde handel, sy medelye is duidelik wanneer Hy na sy volk omsien, sy mag en gesag oor die skepping word in die sondvloed gesien en sy genade word getoon in sy belofte van toekomstige verlossing vir die sondige mensdom.

Die meeste evangeliese geleerdes is dit eens dat Genesis geskryf is deur Moses gedurende die tyd toe die Israeliete in die woestyn Sin rondgedwaal het, in ongeveer 1440 v.C. Die woorde van Genesis is aan die generasie Israeliete geskryf wat hulle voorberei om in die Beloofde Land Kanaän in te gaan en dit te bewoon. Die woorde van die boek Genesis het hulle herinner aan wie hulle God is en hoe dit lyk om met Hom te wandel.

In hierdie Bybelstudie gaan ons die eerste elf hoofstukke van Genesis bestudeer en die begin van die skepping, sonde, genade, verlossing en belofte ontdek. Ons kan leer om God groots lief te hê deur sy karakter te bestudeer, veral die aspekte wat uitdagend is en meer vrae in ons geloof laat ontstaan. God toon sy krag en liefde in die manier hoe Hy met die mensdom omgaan. God is getrou aan sy volk, sy beloftes en sy verbond. Sy kreatiwiteit word uitgestal en dit herinner ons aan die grootheid van sy vermoë. Mag ons ons harte oopstel vir alles wat Hy vir ons wil leer, in die verwagting dat Hy Homself op nuwe maniere aan ons sal openbaar terwyl ons Hom soek.

# SOAP LEESPLAN

## WEEK 1

Maandag
Lees: Genesis 1:1-5; Job 38:4-7
SOAP: Genesis 1:3-4

Dinsdag
Lees: Genesis 1:6-8; Job 38:19-30
SOAP: Job 38:25-27

Woensdag
Lees: Genesis 1:9-13; Job 38:8-11
SOAP: Genesis 1:9-10

Donderdag
Lees: Genesis 1:14-19; Job 38:12-18; 31-35
SOAP: Job 38:12-13

Vrydag
Lees: Genesis 1:20-23; Job 39:29-33
SOAP: Job 39:29-30

## WEEK 2

Maandag
Lees: Genesis 1:24-31; Job 39:4-15
SOAP: Genesis 1:27

Dinsdag
Lees: Genesis 2:1-3; Eksodus 20:8-11; Markus 2:27
SOAP: Eksodus 20:11

Woensdag
Lees: Genesis 2:4-7; Psalm 8:5-7
SOAP: Psalm 8:6-7

Donderdag
Lees: Genesis 2:8-14; Jesaja 58:11-12
SOAP: Genesis 2:8-9

Vrydag
Lees: Genesis 2:15-17; Psalm 19:8-12
SOAP: Psalm 19:8-9

## WEEK 3

Maandag
Lees: Genesis 2:18-25; Matteus 19:4-6
SOAP: Matteus 19:4-6

Dinsdag
Lees: Genesis 3:1-7; 1 Petrus 5:8-9
SOAP: 1 Petrus 5:8-9

Woensdag
Lees: Genesis 3:8-19; Romeine 5:20-21
SOAP: Romeine 5:20-21

Donderdag
Lees: Genesis 3:20-24; Efesiërs 2:4-10
SOAP: Efesiërs 2:8

Vrydag
Lees: Genesis 4:1-16; Psalm 51:19; Hosea 6:6
SOAP: Hosea 6:6

## WEEK 4

Maandag
Lees: Genesis 4:17-26; Psalm 150
SOAP: Psalm 150:1-6

Dinsdag
Lees: Genesis 5:1-32; Psalm 39:5-7
SOAP: Genesis 5:24

Woensdag
Lees: Genesis 6:1-8; Romeine 3:21-26
SOAP: Romeine 3:23-24

Donderdag
Lees: Genesis 6:9-22; Hebreërs 11:7
SOAP: Hebreërs 11:7

Vrydag
Lees: Genesis 7:1-24; Psalm 23
SOAP: Psalm 23:4

## WEEK 5

Maandag
Lees: Genesis 8:1-14; Psalm 29:10-11
SOAP: Psalm 29:10-11

Dinsdag
Lees: Genesis 8:15-22; Psalm 115:16-18
SOAP: Psalm 115:16-18

Woensdag
Lees: Genesis 9:1-17; 2 Korintiërs 1:20-22
SOAP: Genesis 9:12-13

Donderdag
Lees: Genesis 9:18-29; Eksodus 13:3-5
SOAP: Genesis 9:26

Vrydag
Lees: Genesis 10:1-7; Handelinge 17:26
SOAP: Handelinge 17:26

## WEEK 6

Maandag
Lees: Genesis 10:8-20; Jona 3
SOAP: Jona 3:10

Dinsdag
Lees: Genesis 10:21-32; Spreuke 19:23
SOAP: Spreuke 19:23

Woensdag
Lees: Genesis 11:1-9; Jesaja 55:8-9
SOAP: Jesaja 55:8-9

Donderdag
Lees: Genesis 11:10-26; Matteus 1:1-17
SOAP: Matteus 1:16

Vrydag
Lees: Genesis 11:27-32; Psalm 139:13-16
SOAP: Psalm 139:16

# JOU DOELWITTE

Ons glo dat dit belangrik is om doelwitte neer te skryf vir hierdie studie. Neem nou tyd en skryf drie doelwitte neer waarop jy wil fokus soos jy elke dag opstaan en in God se Woord delf. Maak seker dat jy terugverwys na hierdie doelwitte tydens die volgende paar weke, om jou te help om gefokus te bly. Jy kan dit doen!

1.

2.

3.

Handtekening:

Datum:

# WEEK 1

*Toe het God gesê: "Laat daar lig wees!" en daar was lig. God het gesien die lig is goed, en Hy het die lig en die donker van mekaar geskei.*

**GENESIS 1:3-4**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou familie te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Spandeer tyd hierdie week om God se skepping te geniet. As jy kan, spandeer tyd weg van enigiets wat deur die mens gemaak is. Luister na die geluide van die natuur. Geniet sy skepping sonder om dit met 'n foto vas te lê. Wat leer jy van God deur die skepping waar te neem?

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Genesis 1:1-5*

1 In die begin het God die hemel en die aarde geskep.

2 Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar
die Gees van God het oor die waters gesweef. 3 Toe het God gesê: "Laat daar lig
wees!" En daar was lig. 4 God het gesien die lig is goed, en Hy het die lig en die
donker van mekaar geskei. 5 God het die lig toe "dag" genoem, en die donker het
Hy "nag" genoem. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die eerste
dag.

## *Job 38:4-7*

4 Waar was jy toe Ek
die aarde se fondamente gelê het?
Praat as jy die antwoord het.
5 Wie het die aarde afgemeet?
Weet jy dit?
Wie het 'n maatlyn
oor hom gespan?
6 Waarop is sy voetstukke neergesit?
Wie het hom aanmekaargesit
7 daardie oggend toe die sterre
saamgesing het
en al die hemelinge gejubel het?

# MAANDAG

LEES:
*Genesis 1:1-5; Job 38:4-7*

SOAP:
*Genesis 1:3-4*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP: Genesis 1:3–4*

TOE HET GOD GESÊ: "LAAT DAAR LIG WEES!" EN DAAR WAS LIG. GOD HET GESIEN DIE LIG IS GOED, EN HY HET DIE LIG EN DIE DONKER VAN MEKAAR GESKEI.

*Oordenking*

In die begin was die aarde donker. Dit het geen vorm gehad nie en het slegs water bevat. Maar God was daar. Hy het in die duisternis bestaan, nog voordat Hy die lig geskep het.

"Laat daar lig wees." God het lig beveel om te bestaan. Hy het die duisternis verander deur lig te skep. Hy het lig en donker van mekaar geskei en elkeen 'n naam gegee. Die Skrif sê nie dat die duisternis sleg was nie, maar wel dat God dit van die lig geskei het, wat volgens hom goed was.

Die skepping van lig het ook die bestaan van tyd ingelei soos ons dit vandag ken. Die Skrif sê nie pertinent dat God tyd geskep het nie, maar met die bekendstelling van lig het God dae geskep. Lig het die dag aangedui en duisternis die nag. Die verandering van lig is hoe ons tyd meet.

God het die aarde met groot doelgerigtheid, kreatiwiteit en bedoeling geskep. Nie een handeling van God in die skepping was 'n fout nie. God het die fondamente van die aarde, lig en duisternis, dag en nag, met doel en betekenis gelê.

In die boek Job vind ons nog besonderhede oor God se bedoeling en kreatiwiteit in die skepping. Job was 'n regverdige man wat verskriklike verliese gely het. Job het nie gesondig deur God te vloek te midde van sy verlies nie. Hy het God wel gevra vir 'n soort verduideliking vir sy lyding. God het geantwoord deur op baie maniere vir Job te vra: "Waar was jy toe ek. . .?" Die vrae het Job aan God se soewereiniteit herinner.

Wanneer ons wêreld in mekaar tuimel, kan ons, net soos Job, tot God se troon nader. Ons kan ons vrae en pyn voor Hom uitstort. Hy antwoord ons miskien nie altyd soos ons hoop nie, maar ons kan rus in sy soewereiniteit. Hy het die fondamente van die aarde geskep, tesame met alles daarin. Hy het lig en tyd geskep, en niks is buite sy beheer nie. Mag ons sing van vreugde as sy volk.

*Gebed*

Here God, ek staan verbaas oor u krag in die skepping. U het lig geskep en dit van die duisternis geskei. Ek loof U vir u kreatiwiteit, doelgerigtheid en bedoeling in die skepping. Help my om U te vertrou wanneer ek oorweldig word deur duisternis. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Genesis 1:6-8*
6 Toe het God gesê: "Laat daar 'n gewelf wees tussen die waters om die waters
van mekaar te skei." 7 So het dit gebeur. God het die gewelf gemaak en die waters
onder die gewelf geskei van die waters bo die gewelf. 8 God het die gewelf "hemel"
genoem. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die tweede dag.

*Job 38:19-30*
19 Hoe loop die pad na die plek
waar die lig woon?
En die donkerte,
waar is sy woonplek?
20 Kan jy die donkerte na sy gebied toe terugvat?
Ken jy die paaie
na sy woongebied toe?
21 Jy moet dit weet, jy wat maak
of jy toe al gebore was,
of jy 'n lang lewe agter die rug het.
22 Was jy al by die plek
waar die sneeu gebêre word?
Het jy al die plek gesien
waar die hael gebêre word,
23 wat Ek opgegaar het
vir 'n tyd van rampe,
vir die dag as Ek wil oorlog voer?
24 Hoe loop die pad na die plek toe
waar die lig sy oorsprong het
en die oostewind oor die aarde begin waai?
25 Wie het vir die stortreën
'n pad oopgekap
en vir die donderwolke
hulle koers bepaal
26 sodat dit reën in 'n land
waar nie mense is nie,
in 'n woestyn
waar niemand woon nie
27 en 'n droë, dor land deurnat word,
sodat daar groen gras uitspruit?
28 Het die reën 'n vader?
Wie het die doudruppels
in die wêreld gebring?
29 Wie bring die ys te voorskyn?
Wie bring die ryp in die wêreld?
30 Die water word so hard soos klip,
selfs die oppervlakte van die diepsee verys.

# DINSDAG

LEES:
*Genesis 1:6-8; Job 38:19-30*

SOAP:
*Job 38:25-27*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP: Job 38:25–27*

WIE HET VIR DIE STORTREËN 'N PAD OOPGEKAP EN VIR DIE DONDERWOLKE HULLE KOERS BEPAAL SODAT DIT REËN IN 'N LAND WAAR NIE MENSE IS NIE, IN 'N WOESTYN WAAR NIEMAND WOON NIE EN 'N DROË, DOR LAND DEURNAT WORD, SODAT DAAR GROEN GRAS UITSPRUIT?

*Oordenking*

Op die tweede dag het God die hemelruim geskep. Vir ons kan 'hemel' lyk soos 'n vreemde ding om te skep, omdat dit lyk soos 'n leë ruimte. God het 'n groot doel gehad toe Hy die hemelruim geskep het, en het dit gebruik as 'n manier om water van water te skei. God het die water geskei in wat ons vandag ken as 'see' en 'atmosfeer'.

Die hemelruim is veel meer as net leë ruimte. God se krag en kreatiwiteit word elke dag daarin vertoon. Die hemelruim is die plek waar duisternis en lig leef. God skep elke oggend en elke aand sonsopkomste en sonsondergange wat nie net uniek is vir elke dag nie, maar ook vir elke plek op aarde. O die wonder van God se verbeelding!

Die hemelruim is ook die tuiste van die sneeu, hael, weerlig, wind, reën en donderweer. Toe God Job ondervra het, het Hy meer van sy bedoeling en doel met elkeen van hierdie natuurelemente getoon. Sneeu en hael is gereserveer vir tye van oorlog. Weerlig word op spesifieke plekke gerig. Reën word gestuur om 'n uitgedroogde wildernis nat te lei.

God het 'n plan gehad toe Hy die hemelruim geskep het. Hy het die elemente van wind en reën en weer vir verskillende doeleindes geskep. En Hy onderhou elkeen met sy hand. Hy is in beheer van die weer, die beweging van storms en die wissel van seisoene. Geen natuurhandeling vind plaas sonder sy goedkeuring nie.

As God vertrou kan word om die hemelruim en die weer, met al sy detail en ingewikkeldhede, te skep en te onderhou, hoeveel te meer kan Hy vertrou word om ons in 'n oomblik van nood te onderhou? Ons kan sy karakter vertrou in enige omstandighede, krisisse of oomblikke van oorwinning. As Hy 'n plan het vir die reën, het Hy beslis 'n plan vir jou en vir my.

*Gebed*

Here God, U is magtig en kragtig. Ek staan verstom oor die manier waarop U onderhou en skep. U het 'n plan vir alles in die skepping, selfs elke druppel reën. Help my om U te vertrou met my lewe en die dinge wat my oorweldig. Help my om hierdie dinge aan U oor te gee. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

*Genesis 1:9-13*

9 Toe het God gesê: “Laat die waters onder die hemel op een plek bymekaarkom
sodat die droë grond sigbaar word.” So het dit gebeur. 10 God het die droë grond
“aarde” genoem, en die waters wat bymekaargekom het, het Hy “see” genoem. En
God het gesien dit is goed.

11 Toe het God gesê: “Laat daar uit die aarde groenigheid voortkom, groen plante
wat saad gee en vrugtebome op die aarde, wat elkeen na sy aard vrugte dra en
waarvan die saad in sy vrug sit.” So het dit gebeur. 12 Die aarde het groen plante
laat uitspruit wat elkeen na sy aard saad gee, en bome wat vrugte dra met die saad
daarin, elkeen na sy aard. En God het gesien dit is goed. 13 Dit het aand geword
en dit het môre geword. Dit was die derde dag.

*Job 38:8-11*

8 Wie het die see opgedam
toe hy begin uitborrel het?
9 Ek het hom met wolke bedek,
hom met donkerte toegemaak.
10 Ek het vir hom perke gestel,
hom agter slot en grendel gesit.
11 Ek het gesê:
‘Tot hiertoe mag jy kom,
nie verder nie;
hier is die grens
van jou magtige golwe.’

# WOENSDAG

LEES:
*Genesis 1:9-13; Job 38:8-11*

SOAP:
*Genesis 1:9-10*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP: Genesis 1:9–10*

TOE HET GOD GESÊ: "LAAT DIE WATERS ONDER DIE HEMEL OP EEN PLEK BYMEKAARKOM SODAT DIE DROË GROND SIGBAAR WORD." SO HET DIT GEBEUR. GOD HET DIE DROË GROND "AARDE" GENOEM, EN DIE WATERS WAT BYMEKAARGEKOM HET, HET HY "SEE" GENOEM. EN GOD HET GESIEN DIT IS GOED.

*Oordenking*

Op die derde skeppingsdag het God die aarde gestalte gegee. Die aarde was net water, volgens wat ons in Genesis 1:1 kan verstaan. God het eers die waters in twee gedeel en die hemelruim geskep. God het van die water in die lug geplaas en van die water op die aarde.

Op die derde dag het God die waters op die aarde in seë verdeel en droë land geskep. God het grense aan die water gestel en dit opdrag gegee tot waar dit mag gaan en waar nie. God het perke aan die golwe gegee en droë land geskep.

In die Bybelse tyd, tot in die eerste eeu, is die see as 'n plek van duisternis beskou. Hulle het nie die soort toerusting gehad wat ons vandag het nie, en dit was moeilik om die water oor te steek, dikwels dodelik. Daar was selfs visse wat groot genoeg was om 'n mens heel in te sluk (Jona 1:17)! Dit gee ons 'n groter begrip van die intense vrees wat Jesus se dissipels ervaar het toe hulle storms in die See van Galilea teëgekom het. Die see was 'n onbekende, skrikwekkende plek waar baie mense hulle lewens verloor het.

Maar God het gesê dat die see goed was. God het die see met 'n doel geskep, net soos Hy die hemel met al sy elemente met 'n doel geskep het, net soos Hy die droë land met plantegroei en vrugte vir 'n doel geskep het.

Dit kan aanloklik wees om vreesbevange na die "see" in ons eie lewens, die beproewinge, versoekings, swaarkry en pyn te kyk. Ons weet nie hoe dinge sal uitdraai nie. Baie dinge is buite ons beheer en dit kan maklik wees om God se sorg en voorsiening vir ons te vergeet as ons oorweldig word deur vrees. Net soos God die see met 'n doel geskep het, het elke omstandigheid in ons lewe 'n groot doel. God het ons nie verlaat nie, en Hy is steeds in beheer.

Hy het perke vir die golwe gestel; Die besonderhede van ons lewens is vir Hom belangrik.

*Gebed*

Vader, U is soewerein oor die hele skepping, selfs die perke van elke liewe golf. U het die see met 'n doel geskep, en U het 'n doel met alles wat U in my lewe toelaat. Gee my asseblief geduld om op u tydsberekening en u plan te wag wanneer ek bang en onseker is. Ek glo U is met my. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Genesis 1:14-19*

14 Toe het God gesê: "Laat daar ligte wees aan die hemelgewelf om dag en nag
van mekaar te skei. Hulle moet ook as tekens dien om seisoene, dae en jare aan te
dui. 15 Hulle moet ligte wees aan die hemelgewelf om op die aarde lig te gee." So
het dit gebeur. 16 God het die twee groot ligte gemaak, die grootste om bedags te
heers en die kleiner lig om snags te heers, en ook die sterre. 17 God het hulle in
die hemelgewelf geplaas om op die aarde lig te gee, 18 om oor dag en nag te heers
en om lig en donker van mekaar te skei. En God het gesien dit is goed. 19 Dit het
aand geword en dit het môre geword. Dit was die vierde dag.

## *Job 38:12-18; 31-35*

12 "Het jy, Job, in jou tyd
die môre beveel om te kom?
Weet jy waar die daeraad
vandaan kom,
13 die daeraad wat lig
oor die hele aarde bring
sodat die goddeloses nie
in die donker kan bly skuil nie?
14 Met die daeraad word die vorm
van die aarde sigbaar,
dit neem vorm aan
soos klere wat aangetrek word.
15 Dan word die goddeloses
hulle bestaan ontneem
en word hulle geweld beëindig.
16 Het jy, Job, al gekom by die plek
waar die seewater uitborrel,
en rondgestap op die bodem
van die diepsee?
17 Het jy die ingang van die doderyk
gesien, die plek van donkerte al bekyk?
18 Kan jy die beeld vorm
van die groot wye wêreld?
Praat as jy iets daarvan weet.
31 Sou jy die Sewester
met 'n band kon vasknoop
of die band van Orion
kon losmaak?
32 Kan jy die sterre op hulle tyd
laat opkom,
kan jy die Beer met sy kleintjies
laat uitkom?
33 Weet jy
hoe die hemelliggame werk?
Stel jy hulle invloed
op die aarde vas?
34 Kan jy jou stem tot by die wolke
hoorbaar maak
sodat stortreën jou oordek?
35 Kan jy weerligstrale uitstuur
dat hulle vir jou kom sê:
'Hier is ons'?

# DONDERDAG

LEES:
*Genesis 1:14-19; Job 38:12-18; 31-35*

SOAP:
*Job 38:12-13*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP: Job 38:12–13*

“HET JY, JOB, IN JOU TYD DIE MÔRE BEVEEL OM TE KOM? WEET JY WAAR DIE DAERAAD VANDAAN KOM, DIE DAERAAD WAT LIG OOR DIE HELE AARDE BRING SODAT DIE GODDELOSES NIE IN DIE DONKER KAN BLY SKUIL NIE?

*Oordenking*

Een van die mooiste plekke ter wêreld om die sonsopkoms te aanskou, is bo-op ‘n vulkaan op die eiland Maui, Hawai’i. Haleakalā is ‘n rustende vulkaan wat op die top op 10,023 voet bo seespieël staan. Die beste manier om die sonsopkoms te aanskou, is om voor dagbreek daar te wees en te kyk hoe die donkerheid van die nag plek maak vir die glorieryke oggendkleure.

Vanaf 10 023 voet is die kruin deur die nag donker en koud. Die sterre en die maan skyn helder, met die kruin wat uitsteek bo enige wolke wat die uitsig kan belemmer. Die eerste ligstraal verlig die horison en verander die swartheid in ‘n donkerblou kleur. Met die maan en sterre steeds in die oog, verander die donkerte stadig in skakerings van blou, pienk en geel soos die son na die horison kruip. Die wolke wat onder die kruin sit, rol en vou onder die opkomende lig.

Uiteindelik verlig ‘n groot uitbarsting van geel en wit lig alles wat in sy pad kom terwyl die son oor die horison piek. Elke oomblik kom daar meer lig na vore wat alles verander. Die aarde is verlig en toon die uitgestrektheid van die vulkaniese landskap. Die wolke begin breek en bied ‘n blik op die oseaan en die vulkaniese pieke op die eiland Hawai’i. Na so ‘n ervaring kan ‘n mens nie anders as om God se woorde aan Job te onthou nie: “Het jy die oggend ooit in jou lewe beveel of die dagbreek sy plek laat ken?”

God het die son, maan en sterre met ‘n spesifieke doel geskep. Hulle is seine wat tyd en seisoene aankondig, hulle gee lig op die aarde, en hulle skei lig van duisternis. Elke oggend herinner God ons aan sy soewereiniteit en karakter. Of ons nou die oggendskemering bo-op ‘n vulkaan besigtig of deur die lig wat in ons huise instroom, ons God het steeds daardie oggend geroep. Hy is elke dag in beheer. En sonder versuim voorsien Hy elke dag ‘n nuwe oggend met nuwe herinneringe aan sy liefde en trou.

*Gebed*

Here, ek loof U vir u ongelooflike krag en kreatiwiteit. U beveel elke môre. U alleen sê vir die dagbreek wanneer om te breek. U bring lig na die wêreld, en U bring lig in my lewe. Help my om u ongelooflike trou vandag raak te sien. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 1*

## *Genesis 1:20-23*

20 Toe het God gesê: “Laat die waters krioel van lewende wesens, en laat daar voëls
onder die hemelgewelf oor die aarde vlieg.” 21 God het die groot seediere geskep
en al die ander lewende wesens waarvan die waters krioel, en almal na hulle aard;
ook al die voëls na hulle aard. En God het gesien dit is goed. 22 Toe het God hulle
geseën: “Wees vrugbaar, word baie en bewoon al die waters van die see. En laat die
voëls baie word op land.” 23 Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was
die vyfde dag.

## *Job 39:29-33*

29 “Is dit deur jou insig
dat ’n valk vlieg,
dat hy sy vlerke
na die suide toe span?
30 Is dit op jou bevel
dat ’n aasvoël hoog opvlieg
en sy nes in die hoogte
gaan bou?
31 Hy woon op die rotse, hy bly daar,
op die spits en die kranse.
32 Van daar af soek sy oë na kos,
van ver af sien hy dit.
33 Sy kuikens vreet bloederige vleis,
en waar iets doodgaan, is hy.”

# VRYDAG

LEES:
*Genesis 1:20-23; Job 39:29-33*

SOAP:
*Job 39:29-30*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 1*

*SOAP: Job 39:29–30 (NLV)*

IS DIT OP JOU BEVEL DAT DIE VALK HOOG
VLIEG EN SY VLERKE SPREI NA DIE SUIDE?
GEE JY BEVEL DAT DIE AREND HOOG
MOET VLIEG OM SY NES TE GAAN BOU?

*Oordenking*

Die skeppingsverhaal wat in Genesis 1 opgeteken is, beskryf sewe dae van skepping. Op die eerste drie dae het God die hemel en die aarde, die waters en die land geskep. Op die vierde, vyfde en sesde dag het God dit wat Hy op die eerste, tweede en derde dag geskep het, gevul. Hy het die water met lewende diere gevul en hulle beveel om vrugbaar te wees en te vermeerder. Hy het die lug gevul met voëls en hulle ook beveel om vrugbaar te wees en te vermeerder.

God het vir Job daarop gewys hoeveel Hy omgee en hoe groot sy voorsiening is toe Hy hom aan die roofvoëls herinner het. Dit is deur sy insig dat die valk sweef. Dit is op sy bevel dat die arend vlieg en sy nes bou. God voorsien voedsel vir die arend en sy kuikens, en wys vir hom waar om prooi te soek.

In Jesaja 40:31 herinner God die volk Juda om op Hom te wag, en opnuut deur Hom versterk te word. Hulle sou kon sweef asof hulle arendsvlerke het as hulle op Hom vertrou.

In Matteus 6:25–34 sê Jesus vir sy volgelinge dat hulle hulle nie moet bekommer nie. Hy herinner hulle aan die wilde voëls waarvoor Hy altyd sorg. As Hy ‘n doel en plan het met die skepping van ‘n voël, wat ons dikwels as onbeduidend beskou, het Hy inderdaad ‘n doel en ‘n plan met ons elkeen.

Nogeens word God se kreatiwiteit en plan deur sy skepping vertoon. Hy het alles, selfs die voëls, met ‘n doel geskep. Hy laat ons vlugtige kykies van sy bedoeling met die skepping sien wanneer Hy ons daardeur leer. En net soos Hy vir hierdie voëls voorsien en sorg, sal Hy ook vir jou en my voorsien en sorg.

*Gebed*

Vader God, U is goed. Help my om u omgee en sorg vir my te onthou as ek die voëls sien. Laat my soos die voëls wees, en my nie bekommer oor wat ek sal eet nie, maar vol vertroue wees dat U sal voorsien wat en wanneer ek iets nodig het. Help my om U te vertrou en my op U alleen te verlaat. Amen

# OORDENKINGSVRAE

1. Waarom het God al die dinge wat Hy geskep het, beskryf as "goed"? Wanneer jy na die dinge kyk wat God geskep het, sien jy dit ook as goed?

2. Hoe help God se vrae aan Job jou om die skepping in 'n nuwe lig te sien? Wat het jou verras oor die manier waarop God die skepping aan Job beskryf het?

3. Is God nog steeds aktief in die skepping? Hoekom dink jy so? Gaan God nog steeds voort om die aarde te vorm en te skep soos Hy in die begin gedoen het?

4. Wat beteken dit dat God die oggend beveel om te kom? Vertroos dit jou dat jy weet dat God die begin van elke nuwe dag beveel en beheer? Hoekom of hoekom nie?

5. God sorg vir en voorsien aan elke dier wat Hy geskep het. Hoe bring dit jou die versekering dat God jou versorg en jou raaksien?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 2

*God het die mens geskep as sy verteenwoordiger,*
*as beeld van God het Hy die mens geskep,*
*man en vrou het Hy hulle geskep.*

**GENESIS 1:27**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou land te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Neem hierdie week tyd om te dink wat dit beteken om as beeld van God geskep te wees. Is die beeld van God 'n fisiese eienskap of 'n ongesiene karakterkwaliteit? Wetende dat ons God se beeld elke oomblik in ons lewens weerspieël, hoe daag dit jou uit om anders te leef?

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

## *Genesis 1:24-31*

24 Toe het God gesê: "Laat die aarde lewende wesens voortbring, elkeen na sy
aard: mak diere, diere wat kruip, wilde diere, elkeen na sy aard." So het dit gebeur.
25 God het die wilde diere op die aarde gemaak, elkeen na sy aard; ook die mak
diere, elkeen na sy aard; en ook al die diere wat kruip, elkeen na sy aard. En God
het gesien dit is goed.

26 Toe het God gesê: "Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip."

27 God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

28 Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon
die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor
al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip." 29 Verder het
God gesê: "Let op! Ek gee aan julle al die plante wat saad gee op die hele aarde;
ook al die bome wat vrugte dra en saad gee. Dit sal julle kos wees. 30 Maar aan
die wilde diere op die aarde en aan die voëls in die lug en aan die diere wat op
die aarde kruip, aan alles wat leef, gee Ek al die groen plante as kos." So het dit
gebeur.

31 Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die sesde dag.

## *Job 39:4-15*

4 Ken jy die tyd
wanneer die klipspringers lam?
Staan jy en kyk waar
die wildsbokke kleintjies kry?
5 Kan jy vir hulle die draagtyd bepaal,
weet jy presies
wanneer hulle moet lam?
6 Hulle trek inmekaar,
die bokkies word gebore,
die geboortepyne is gou verby.
7 Die lammers groei en word groot
in die veld,
hulle gaan weg en kom nie
na die ooie toe terug nie.
8 "Wie gee aan die wildedonkie
sy vryheid
en laat hom ongebonde vryloop?
9 Ek het vir hom die oop veld gegee
om in te bly,
die brakbossies om in te wei.
10 Hy bekommer hom nie
oor die gewoel
in die stad nie,
hy hoef nie te luister na die geskreeu
van 'n drywer nie.
11 Hy deurkruis die berge vir weiding,
hy snuffel elke groen sprietjie uit.
12 "Sal die buffel gewillig wees om
vir jou te werk?
Sal hy deur die nag
by jou krip bly staan?
13 Kan jy hom inspan
en ploegvore met hom trek?
Kan jy hom lei om die land agter jou
te eg?
14 Sal jy jou op hom verlaat
vir sy reusekrag?
Sal jy dit aan hom oorlaat
om vir jou 'n oes te lewer?
15 Sal jy op hom vertrou
om jou graan te oes
en op jou dorsvloer
bymekaar te bring?"

# MAANDAG

LEES:
*Genesis 1:24-31; Job 39:4-15*

SOAP:
*Genesis 1:27*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP: Genesis 1:27*

GOD HET DIE MENS GESKEP AS SY VERTEENWOORDIGER,
AS BEELD VAN GOD HET HY DIE MENS GESKEP,
MAN EN VROU HET HY HULLE GESKEP.

*Oordenking*

Die sesde dag is die hoogtepunt sowel as die doel van God se skepping. God het die hemele, die aarde, die lug, die see en die land geskep en dit toe met sterre, voëls, visse en diere gevul. Uiteindelik het God mense geskep. Dit was die hoogtepunt van die skepping want die mens was anders as enige ander skepsel: die mens is as die beeld van God geskep.

Om as die beeld van God geskape te wees, gaan ons verstand ver te bowe. Om as die beeld van God geskape te wees, beteken nie dat ons soos God lyk nie. As mense weerspieël ons eerder God se karakter en aard, nie sy vorm nie. Ons vertoon sy beeld wanneer ons sy karakter weerspieël. Ons kan skep, meelewing toon, liefhê en kommunikeer. (Sonde het natuurlik 'n uitwerking gehad -- en het nog steeds -- op ons vermoë om God se karakter te weerspieël, maar het nog nie in die gedeelte van Genesis wat ons gelees het, in die prentjie verskyn nie.)

Om as die beeld van God geskape te wees, beteken dat ons ontwerp is om in die wêreld 'n weerspieëling te wees van wie God is. God het 'n goddelike doel waarom Hy ons so gemaak het. Dit is om navolgers van Hom te wees. Ons moet sy verteenwoordigers wees, en sy liefde in die skepping en teenoor dié wat Hom nie ken nie, vertoon. Ons moet lewe skep soos Hy. Ons moet oor die aarde heers en dit onderwerp. Ons moet elke dag sy karakter vertoon.

Net soos God grense vir die res van die skepping daargestel het, het Hy ook grense vir die mensdom geskep. Ons is nie God nie, maar ons het die groot voorreg om as God se beeld gevorm te wees. Dit is nie 'n las nie, maar 'n eer om Hom in hierdie wêreld te weerspieël. Mag ons elke dag as sy verteenwoordigers leef en sy liefde teenoor die res van die skepping uitleef.

*Gebed*

Here God, dit bly vir my oorweldigend om te weet dat ek as u beeld geskep is. Help my om dit elke dag al hoe beter te begryp. Laat my teenoor die wêreld 'n weerspieëling wees van wie U is, van u karakter en u liefde. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*Genesis 2:1-3*
1 Die hemel en alles daarin is voltooi en ook die aarde en alles daarop. 2 Op die
sewende dag was God reeds klaar met die skeppingswerk en het Hy gerus na al die
werk wat Hy gedoen het. 3 Hy het die sewende dag as gereelde rusdag geheilig,
want op daardie dag het Hy gerus na al die skeppingswerk wat Hy gedoen het.

*Eksodus 20:8-11*
8 "Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou. 9 Ses dae moet jy werk en alles doen wat
jy moet, 10 maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag
jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir
jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie. 11 Die Here het in
ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles
daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde
rusdag geheilig.

*Markus 2:27*
27 Jesus het verder vir hulle gesê: 'Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die
mens vir die sabbatdag nie.'

# DINSDAG

LEES:
*Genesis 2:1-3; Eksodus 20:8-11; Markus 2:27*

SOAP:
*Eksodus 20:11*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF ‘N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP: Eksodus 20:11*

DIE HERE HET IN SES DAE DIE HEMEL EN ALLES DAARIN GEMAAK, DIE AARDE EN ALLES DAAROP, DIE SEE EN ALLES DAARIN. OP DIE SEWENDE DAG HET HY GERUS, EN DAAROM HET DIE HERE DIT AS GEREELDE RUSDAG GEHEILIG.

*Oordenking*

Dit was nie vir God nodig om op die sewende dag te rus nie; Hy het nie gerus omdat Hy moeg was nie. God wou eerder rus om 'n ruspatroon in die skepping te vestig. God kon die week ses dae lank gemaak het, maar in plaas daarvan het Hy nog 'n dag bygevoeg: 'n rusdag. God het 'n rusdag in die patroon van tyd ingebou.

Jare later, nadat God Israel uitgekies het om sy volk te wees, nadat God hulle uit slawerny in Egipte bevry het, nadat God in die woestyn vir hulle voorsien het, het God die Tien Gebooie vir die Israeliete gegee. Hierdie gebooie was bedoel om God se volk van ander volke te onderskei. Terwyl nege van die gebooie op elke persoon van toepassing is, was een daarvan 'n nuwe, spesifieke opdrag vir die volk Israel.

God het die Israeliete beveel om die sewende dag van die week as heilig af te sonder. Die Sabbat was 'n simbool van God se verbond met sy uitverkore volk. Terwyl al die ander volke rondom hulle sou aanhou werk, het God se volk hulle onderskei deur die Sabbatdag te eerbiedig.

Ons is vandag nie meer onder die Ou-Testamentiese wet nie, en dit word nie meer van ons as Christene vereis om die Sabbat te onderhou nie. Dit is egter vir ons 'n voorreg om die praktyk van Sabbat te beoefen! Ons kan rus in God se voltooide werk, nie net in die skepping nie, maar in die verlossing van sonde. Jesus het al die werk afgehandel om ons te verlos. Ons kan rus in sy voltooide werk.

Die beoefening van Sabbat is om ons te herinner dat God ons ontwerp het om rustye in ons lewe te hê. Sabbat is 'n patroon wat ons steeds kan beoefen om God en die wyse waarop Hy die aarde geskep het, te eer en vir ons liggame, gesinne en gemeenskappe te sorg. Wanneer ons 'n dag wegbreek van ons werk en bedrywighede om Hom te verheerlik en aanbid, bied dit ons die geleentheid om God se ruspatroon aan die wêreld te vertoon.

*Gebed*

Here, U is goed. U het vir my beswil 'n rusdag geskep. Help my om Sabbat te eerbiedig, nie uit wettiesheid nie, maar omdat dit 'n vreugde is! U het al die werk wat ooit gedoen moes word, voltooi. Help my om te rus en vertroue te hê in u voltooide werk in die skepping en verlossing. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*Genesis 2:4-7*
4 Dit is dan die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is.

Toe die Here God die aarde en die hemel gemaak het, 5 was daar nog nie enige
struike op die aarde nie en het daar ook nog nie enige groenigheid opgeskiet nie,
want die Here God het dit nog nie op die aarde laat reën nie, en daar was nog nie
'n mens om die grond te bewerk nie. 6 Daar het water uit die aarde uit opgekom
en al die grond nat gemaak. 7 Die Here God het toe die mens gevorm uit stof
van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese
geword het.

*Psalm 8:5-7*
5 wat is die mens dan
dat U aan hom dink,
die mensekind dat U na hom omsien?
6 U het hom net 'n bietjie minder
as 'n hemelse wese gemaak
en hom met aansien en eer gekroon,
7 U laat hom heers
oor die werk van u hande,
U het alles aan hom onderwerp

# WOENSDAG

LEES:
*Genesis 2:4-7; Psalm 8:5-7*

SOAP:
*Psalm 8:6-7*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP: Psalms 8:6–7*

U HET HOM NET 'N BIETJIE MINDER AS
'N HEMELSE WESE GEMAAK EN HOM
MET AANSIEN EN EER GEKROON,

U LAAT HOM HEERS OOR DIE WERK VAN U
HANDE, U HET ALLES AAN HOM ONDERWERP.

*Oordenking*

Op die sesde dag van die skepping het God die land wat hy geskep het, gevul. Hy het diere en bowenal mense geskep. Genesis 2 bied 'n volledige uiteensetting, 'n ander perspektief, oor die besonderhede van die skepping van mense. Die detail wat die skrywer van Genesis insluit oor die skepping van die man en vrou toon hoe mense van diere verskil, hoe ons as die beeld van God gemaak is.

In Psalm 8 dink Dawid na oor die heerlikheid van God wat in die skepping vertoon word. Hy wonder, te midde van al die grootsheid van die maan en sterre, hoe belangrik mense is. Hoe kan mense enige betekenis hê in 'n wêreld wat deur soveel grootsheid gekenmerk word? Waarom sou God met, al die prag van die skepping, van die mensdom notisie neem?

God het nie die mensdom as 'n nagedagte geskep nie. God het ons nie net as sy beeld geskep nie, maar ook gesag, eer en majesteit aan ons gegee. As beelddraers van God, net 'n bietjie minder as die hemelse wesens, is ons aangestel om oor die skepping te heers.

In al die prag van die wêreld en die hemele is ons die kroon van God se skepping. Hy het ons gekies om sy beelddraers te wees. Hy het ons gekies om sy karakter te eer. En Hy het gekies om ons te verlos toe ons gesondig het. Selfs te midde van al die details en ingewikkeldhede van die skepping is jy vir God belangrik. Hy gee om vir jou, jou lewe en jou omstandighede.

*Gebed*

Here God, u aandag aan my vervul my met nederigheid en ontsag. U gee om vir my. U het my met majesteit en eer gekroon omdat ek as u beeld geskape is. Mag my lewe 'n noukeurige weerspieëling van u karakter wees in my strewe om u liefde en heiligheid aan die wêreld te vertoon. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*Genesis 2:8-14*

8 Die Here God het toe 'n tuin in Eden in die ooste aangelê en die mens wat Hy
gevorm het, daar laat woon. 9 Die Here God het verder allerlei bome, mooi om na
te kyk en lekker om van te eet, uit die grond laat uitspruit, ook die boom van die
lewe in die middel van die tuin, en die boom van alle kennis.

10 Daar het 'n rivier in Eden ontspring om die tuin nat te maak, en van daar
af het dit verdeel en vier riviere geword. 11 Die eerste rivier is die Pison en dit
loop rondom die hele Gawila, waar daar goud is. 12 Die goud van daardie land is
suiwer. Daar is ook balsem en oniks. 13 Die tweede rivier is die Gihon en dit loop
rondom die hele Kus. 14 Die derde is die Tigris wat oos van Assirië verbyloop, en
die vierde is die Eufraat.

*Jesaja 58:11-12*

11 Die Here sal jou altyddeur lei;
selfs in dor streke
sal Hy in jou behoeftes voorsien.
Hy sal jou sterk maak.
Jy sal wees soos 'n tuin met volop water,
soos 'n fontein waarvan die water
nie opdroog nie.
12 Jou mense sal die ou puinhope herbou,
die fondamente herstel
wat al geslagte lank bestaan.
Jy sal bekend staan as 'n volk
wat sy afgebreekte mure herbou,
wat sy strate herstel
sodat daar weer mense kan woon.

# DONDERDAG

LEES:
*Genesis 2:8-14; Jesaja 58:11-12*

SOAP:
*Genesis 2:8-9*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP: Genesis 2:8-9*

DIE HERE GOD HET TOE‘N TUIN IN EDEN IN DIE OOSTE AANGELÊ EN DIE MENS WAT HY GEVORM HET, DAAR LAAT WOON. DIE HERE GOD HET VERDER ALLERLEI BOME, MOOI OM NA TE KYK EN LEKKER OM VAN TE EET, UIT DIE GROND LAAT UITSPRUIT, OOK DIE BOOM VAN DIE LEWE IN DIE MIDDEL VAN DIE TUIN, EN DIE BOOM VAN ALLE KENNIS.

*Oordenking*

Nadat God die mens geskep het, het Hy aan hom ’n woonplek voorsien. Dit was geen gewone plek nie. Dit was ’n paradys. God het vir die mens ‘n blyplek wat vol seën was, geskep.

God het allerhande bome geplant, vir skoonheid sowel as vir voedsel. God het die boord tussen vier riviere geplant, wat water voorsien en die lewe laat voortduur het vir die mens sowel as alles wat God geplant het. Alles wat hy nodig gehad het, was daar vir hom.

Die ligging van die boord word breedvoerig beskryf. Dit mag dalk vir ons vandag na onbelangrike of onnodige besonderhede lyk, maar die detail het nie by die oorspronklike gehoor verlore gegaan nie. Hierdie boord is in ’n ongelooflike vrugbare gebied in die Midde-Ooste geplant, wat later bekend gestaan het as ‘The Fertile Cresent’. God het nie net vir die mens voorsien deur hom ’n huis te gee met genoeg kos en water om te oorleef nie, maar Hy het die mens ’n oorvloed van hulpbronne gegee sodat hy kon floreer en vermeeder.

Voordat sonde in die wêreld gekom het, het God vir die mens in die boord voorsien. En soos ons sal sien, het God voortgegaan om te voorsien selfs nadat die man en die vrou gesondig het. Jesaja se woorde in hoofstuk 58 wys hoe God sy volk bly lei en voorsien het, selfs toe hulle gesondig en teen Hom in opstand gekom het.

Ons God is ’n goeie God. Hy sorg vir sy volk, ongeag die omstandighede. Hy het vir die mens in die boord voorsien en Hy het voorsien vir die oorblyfsel van Juda. Hy voorsien elke dag vir jou en vir my. Mag ons nie net na sy voorsiening kyk nie, maar na sy volgehoue teenwoordigheid en genade in ons lewens.

*Gebed*

Here God, U voorsien presies wat ek nodig het. Help my vandag om al die maniere waarop U aan my voorsien en my seën te onthou. Ek loof U vir u sorg vir my. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 2*

*Genesis 2:15-17*
15 Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te
pas. 16 Die Here God het die mens beveel: "Van al die bome in die tuin mag jy eet
soos jy wil, 17 maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy
daarvan eet, sterf jy."

*Psalm 19:8-12*
8 Die woord van die Here is volmaak:
dit gee lewe.
Die onderwysing van die Here
is betroubaar:
dit gee wysheid aan dié
wat nog onervare is.
9 Die bevele van die Here
dui die regte koers aan:
dit bring blydskap.
Die gebod van die Here is helder:
dit gee insig.
10 Die eise van die Here vir sy diens
is goed:
dit staan altyd vas.
Die bepalings van die Here is reg:
elkeen van hulle is regverdig.
11 Hulle is kosbaarder as goud,
selfs as baie goud,
soeter as heuning,
as druppels uit 'n heuningkoek.
12 U dienaar laat hom daardeur leer.
Wie dit alles onderhou,
groot is sy beloning.

# VRYDAG

LEES:
*Genesis 2:15-17; Psalm 19:8-12*

SOAP:
*Psalm 19:8-9*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 2*

*SOAP: Psalm 19:8-9*

DIE WOORD VAN DIE HERE IS VOLMAAK: DIT GEE LEWE. DIE ONDERWYSING VAN DIE HERE IS BETROUBAAR: DIT GEE WYSHEID AAN DIÉ WAT NOG ONERVARE IS. DIE BEVELE VAN DIE HERE DUI DIE REGTE KOERS AAN: DIT BRING BLYDSKAP. DIE GEBOD VAN DIE HERE IS HELDER: DIT GEE INSIG.

*Oordenking*

Toe God die boord geskep het, het Hy twee belangrike bome geplant: die boom van die lewe en die boom van kennis van goed en kwaad. (Dit is die eerste verwysing wat die skrywer van Genesis na goed en kwaad verwys.) Die plasing van die bome in die boord het die grondslag gegee vir wat sou kom: die voortdurende stryd en keuse tussen goed en kwaad vir die man en sy nageslag.

Toe God die man in die boord geplaas het om dit te versorg en in stand te hou, het Hy die man spesifieke instruksies gegee. Hy het die man beveel om nie van die boom van kennis van goed en kwaad te eet nie. God het geweet dat as die man van hierdie boom sou eet, hy sou sterf. Die idee van die dood, wat in hierdie opdrag bekendgestel is, was meer as 'n fisiese dood, alhoewel dit ook hierby ingesluit is. Die dood wat die mens sou tref as hy van die boom sou eet, was 'n skeiding of vervreemding van God, wat 'n dramatiese verandering in sy verhouding met sy Skepper veroorsaak het.

Die opdrag om nie van die boom van kennis van goed en kwaad te eet nie, is die eerste opdrag wat God aan die mensdom gegee het. Op dieselfde manier wat alle aspekte van die skepping met 'n doel en bedoeling ontwerp is, het God het 'n bedoeling met sy opdrag vir die man gehad. God het geweet wat sou gebeur as die man van die boom sou eet, en daarom het God vir die man gesê om nie daarvan te eet nie.

God se eerste opdrag aan die man was goed. Dit was bedoel om die man se lewe te bewaar. Al God se opdragte is bedoel om dit te doen. Al God se opdragte bewaar ons lewens, gee ons wysheid en bring vreugde. Hulle het groot waarde en 'n doel, en as ons dit volg, vind ons leiding en seën. Alhoewel dit maklik is om te sien hoe hierdie eerste opdrag van God reg was, is dit nie altyd so maklik om te sien hoe al God se opdragte reg is nie. As ons ons harte op Hom vestig, vind ons wysheid in sy opdragte asook blydskap en lewe daarin.

*Gebed*

Vader God, u wet is volmaak. U wet bewaar my lewe. Ek kan op u opdrag vertrou en wysheid uit u opdragte verkry. Ek glo dat u woorde van groter waarde as goud is. Help my om u weg bo myne te begeer. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Wat beteken dit om as beeld van God geskape te wees?

2. Wat maak die sabbatdag heilig? Moet ons die sabbat vandag nog onderhou, al is ons nie meer onder die Ou Testamentiese wet nie?

3. Wat beteken dit dat mense oor die aarde heers? Hoe moet ons die aarde op grond van hierdie waarheid behandel?

4. Watter nuwe dinge het jy geleer oor die tuin wat God geplant het? Wat staan vir jou uit as verrassend of verwarrend in God se skepping van die tuin?

5. Waarom kan ons God se wet vertrou? Is daar enige wette of opdragte van God wat vir jou nie reg lyk nie? Wat doen jy as jy vrae het oor wat God sê?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 3

*Die wet het bygekom om die oortredinge nog meer te maak; en hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword. Die doel was dat, soos die sonde deur die dood heerskappy gevoer het, die genade deur die vryspraak ook heerskappy kan voer en tot die ewige lewe kan lei deur Jesus Christus ons Here.*

**ROMEINE 5:20-21**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou vriende te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Die slang het iets wat God aan Eva gesê het, geneem en dit verdraai. Hy het veroorsaak dat sy God se opdragte bevraagteken. Wat kan ons doen om die leuns van die vyand te beveg? Hy fluister dikwels "halwe waarhede" aan ons en laat ons God se beloftes of opdragte bevraagteken. Wat kan ons doen om teen hierdie aanvalle te baklei en standvastig te staan in ons geloof en oortuigings?

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Genesis 2:18-25*

18 Verder het die Here God gesê: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal
vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke.” 19 Die Here God het toe uit
die grond al die wilde diere en al die voëls gevorm en na die mens toe gebring om
vas te stel hoe hy elkeen sou noem; en wat die mens elke lewende wese sou noem,
dit sou sy naam wees. 20 Die mens gee toe name vir al die mak diere, die voëls en
die wilde diere, maar vir homself het hy nie ’n helper, ’n gelyke, gekry nie. 21 Toe
het die Here God ’n diep slaap oor die mens laat kom, sodat hy vas geslaap het.
Die Here God neem toe ’n ribbebeen uit die mens, vul die plek met vleis op, 22
en die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, bou Hy om tot ’n vrou en bring
haar na die mens toe.

23 Toe sê die mens:

“Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy ‘vrou’ genoem word;
sy is uit die man geneem.”

24 Daarom sal ’n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en
hulle sal een word. 25 Hulle twee, die mens en sy vrou, was kaal, maar hulle was
nie skaam nie.

## *Matteus 19:4-6*

4 Hy het hulle geantwoord: “Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die
begin af man en vrou gemaak het nie? 5 Daarby het Hy gesê: ‘Daarom sal ’n man
sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees.’
6 Hulle is dus nie meer twee nie, maar een. Wat God dan saamgevoeg het, mag ’n
mens nie skei nie.”

# MAANDAG

LEES:
*Genesis 2:18-25; Matteus 19:4-6*

SOAP:
*Matteus 19:4-6*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP: Matteus 19:4-6*

HY HET HULLE GEANTWOORD: "HET JULLE NIE GELEES DAT DIE SKEPPER HULLE VAN DIE BEGIN AF MAN EN VROU GEMAAK HET NIE? DAARBY HET HY GESÊ: 'DAAROM SAL 'N MAN SY VADER EN MOEDER VERLAAT EN SAAM MET SY VROU LEWE EN HULLE TWEE SAL EEN WEES.' HULLE IS DUS NIE MEER TWEE NIE, MAAR EEN. WAT GOD DAN SAAMGEVOEG HET, MAG 'N MENS NIE SKEI NIE."

*Oordenking*

Dit was nie goed vir die man om alleen te wees nie. Dit is die enigste aspek van die skepping tot nou wat God gesê het dat dit nie goed was nie. Alhoewel die man alleen was, is daar geen aanduiding dat hy eensaam was nie. Wat God 'nie goed' genoem het nie, was die afwesigheid van 'n gemeenskap vir die man. Die man was alleen, want daar was niemand soos hy met wie hy alles kon deel wat God vir die mensdom beplan het nie. Hy was nie in staat om God se doel dat die mensdom 'vrugbaar moet wees en vermeerder', te vervul nie.

God het die vrou geskep om 'n metgesel vir die man te wees. Die Hebreeuse woord wat die vrou as 'n metgesel beskryf, is die woord 'ezer'. Die meeste ander gebruike van 'ezer' in die Ou Testament, word gebruik om God te beskryf. Hierdie woord het geen betekenis van minderwaardigheid of ondergeskiktheid nie, maar beskryf 'n onontbeerlike metgesel, iemand wat vir ons doen wat ons nie vir onsself kan doen nie.

Toe die Fariseërs Jesus oor egskeiding ondervra het, het Hy hulle geantwoord deur die doel van 'n verhouding tussen man en vrou te verduidelik. Die twee moet saamgevoeg word en een word. In die huwelik word 'n man en vrou een, beide word onontbeerlike metgeselle vir mekaar. Toe die skrywer van Genesis die eerste man en vrou beskryf het, het hy hulle huweliksverhouding beskryf. Die gemeenskap wat hulle ervaar het, was deur die huwelik.

Man en vrou is ontwerp om in gemeenskap te leef. Of ons nou getroud of ongetroud is, ons kan nie alleen woon nie. Ons het gemeenskap en ander om ons nodig. God het ons ontwerp vir 'n gemeenskap en daarsonder is ons nie volkome nie. As volgelinge van Christus kan ons nie alleen wees nie. Ons het gemeenskap met mekaar nodig om mekaar in ons wandel met Christus te bemoedig.

*Gebed*

God, dankie dat U my vir 'n gemeenskap geskep het. Ek is geseënd deur diegene rondom my. Help my om vir ander tot seën te wees. Help my om te groei in my begrip van 'n gemeenskap en die behoefte wat ek daaraan het. Bewaak en bou my gemeenskap vandag soos U my meer leer oor wat dit beteken om nie alleen te wees nie. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Genesis 3:1-7*

1 Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is en
het vir die vrou gevra, "Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin
eet nie?" 2 Die vrou het die slang geantwoord: "Ons mag eet van die vrugte van
die bome in die tuin. 3 God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die
boom in die middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf
ons." 4 Toe sê die slang vir die vrou: "Julle sal beslis nie sterf nie, 5 maar God weet
dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos
God wees deurdat julle alles kan ken."

6 Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te
kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en
geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet. 7 Hulle altwee se oë
gaan toe oop, en hulle besef dat hulle kaal is. Toe werk hulle vyeblare aanmekaar
en hang dit om vir klere.

## *1 Petrus 5:8-9*

8 Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende
leeu, op soek na iemand om te verslind. 9 Bly standvastig in die geloof en staan
hom teë. En moenie vergeet nie: dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges
dieselfde soort lyding verduur.

# DINSDAG

LEES:
*Genesis 3:1-7; 1 Petrus 5:8-9*

SOAP:
*1 Petrus 5:8-9*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP: 1 Petrus 5:8–9*

WEES NUGTER, WEES WAKKER! JULLE VYAND, DIE DUIWEL, LOOP ROND SOOS 'N BRULLENDE LEEU, OP SOEK NA IEMAND OM TE VERSLIND. BLY STANDVASTIG IN DIE GELOOF EN STAAN HOM TEË. EN MOENIE VERGEET NIE: DWARSDEUR DIE WÊRELD MOET JULLE MEDEGELOWIGES DIESELFDE SOORT LYDING VERDUUR.

*Oordenking*

Die slang het geweet hoe om die vrou te mislei. Hy het geweet hoe om die woorde en opdragte van God te verdraai om haar te laat glo dat God haar weerhou van sekere goed. Wat hy gesê het, was gedeeltelik waar, maar nie heeltemal nie. Hy het God se woorde op so 'n manier verdraai om die vrou te laat glo dat God iets goeds van haar weerhou.

Die vrou was ook 'n bietjie onseker oor wat God gesê het. Sy het aan die slang gesê dat God gesê het hulle mag nie van die boom eet of aan die boom raak nie. God het net gesê dat hulle nie van die boom kon eet nie. Hierdie bykomende opdrag om nie aan die boom te raak nie, het nie van God gekom nie. Of die man dit vir die vrou gesê het en of hulle saam daaroor besluit het, dit het nie van God gekom nie.

Die slang het voortgegaan om vir die vrou te lieg. Hy het haar vertel dat sy iets goeds sou ontvang — wysheid — nie die dood soos God gesê het nie. Hy was op die roof uit en wou die vrou verslind. Die vrou en die man het nie die opdragte van God nagekom nie en die aanloklike aanbod van die slang aanvaar.

Wanneer ons voor die versoeking tot sonde te staan kom, sal ons dikwels soortgelyke omstandighede in die gesig staar. Die vyand mag probeer om ons te oortuig van iets wat gedeeltelik waar is, of wat elemente van die waarheid bevat. Hy probeer om ons om elke hoek en draai te mislei en vas te trek, soos 'n leeu wat op soek is na prooi. Maar daar is hoop! Ons moet nie 'n slagoffer word van sy planne nie. Met God se hulp kan ons versoekings teenstaan. Terwyl ons God se Woord bestudeer en memoriseer, word ons bewapen met waarheid. Wanneer ons weet wat die waarheid is, as ons seker is van presies wat God sê, sonder om daaraan toe te voeg of van dit weg te neem, is ons die beste gewapen om die aanvalle van die vyand die hoof te bied.

*Gebed*

Here Jesus, gee my wysheid om te weet wat waar is en wat nie waar is nie. Help my om vas te staan teen die planne van die vyand, bewus daarvan dat hy my altyd wil vastrek. Ek begeer om U Woord te eer en U te volg. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Genesis 3:8-19*

8 Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens
en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin. 9 Maar die Here God het na die
mens geroep en vir hom gevra: "Waar is jy?" 10 En die mens antwoord: "Ek het U hoor wandel in die tuin
en ek het bang geword, want ek is kaal. Toe het ek weggekruip." 11 Die Here God vra toe: "Hoe het jy te
wete gekom dat jy kaal is? Het jy tog nie van die boom geëet waarvan Ek jou verbied het om te eet nie?" 12
Die mens het geantwoord: "Die vrou wat U my gegee het om my by te staan, sy het vir my van die boom
se vrugte gegee, en ek het geëet." 13 Toe vra die Here God vir die vrou: "Wat het jy nou gedoen?" en sy sê:
"Die slang het my mislei, en ek het geëet."

14 En die Here God sê vir die slang:
"Omdat jy dit gedoen het,
is jy vervloek onder al die diere.
Op jou maag sal jy seil
en stof sal jy eet, jou lewe lank.
15 Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou,
tussen jou nageslag en haar nageslag.
Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt."

16 Vir die vrou het die Here God gesê:
"Ek sal jou baie swaar laat kry
met jou swangerskappe:
met pyn sal jy kinders
in die wêreld bring.
Na jou man sal jy hunker,
en hy sal oor jou heers."

17 Vir die mens het die Here God gesê:
"Omdat jy na jou vrou geluister het
en geëet het van die boom
waarvan Ek jou verbied het om te eet,

"is die aarde deur jou toedoen
verloek;
met swaarkry sal jy daaruit
'n bestaan maak,
jou lewe lank;
18 die aarde sal vir jou dorings
en dissels laat uitspruit,
en jy sal veldplante eet;
19 net deur harde werk sal jy kan eet,
totdat jy terugkeer na die aarde toe,
want daaruit is jy geneem.
Stof is jy, en jy sal weer stof word."

## *Romeine 5:20-21*

20 Die wet het bygekom om die oortredinge nog meer te maak; en hoe meer die sonde geword het, hoe
oorvloediger het die genade geword. 21 Die doel was dat, soos die sonde deur die dood heerskappy gevoer
het, die genade deur die vryspraak ook heerskappy kan voer en tot die ewige lewe kan lei deur Jesus
Christus ons Here.

# WOENSDAG

LEES:
*Genesis 3:8-19; Romeine 5:20-21*

SOAP:
*Romeine 5:20-21*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP: Romeine 5:20–21*

DIE WET HET BYGEKOM OM DIE OORTREDINGE NOG MEER TE MAAK; EN HOE MEER DIE SONDE GEWORD HET, HOE OORVLOEDIGER HET DIE GENADE GEWORD. DIE DOEL WAS DAT, SOOS DIE SONDE DEUR DIE DOOD HEERSKAPPY GEVOER HET, DIE GENADE DEUR DIE VRYSPRAAK OOK HEERSKAPPY KAN VOER EN TOT DIE EWIGE LEWE KAN LEI DEUR JESUS CHRISTUS ONS HERE.

*Oordenking*

Die man en die vrou het van die boom in die tuin geëet. Hulle is vanweë hulle sonde van God geskei. Hulle was dadelik bewus van hul naaktheid en het in skaamte weggekruip. Die verhouding tussen God en die mensdom het verander. Die man en die vrou kon nie meer in die teenwoordigheid van God wees nie, omdat hulle gesondig het.

Terwyl die man en vrou albei gesondig het, het elkeen probeer om die skuld op ‘n ander te plaas. Die man het probeer om die skuld op die vrou te plaas. Die vrou het die skuld op die slang probeer afskuif. Die werklikheid was dat hulle albei gesondig het. Hulle was albei ewe verantwoordelik vir hul optrede en hulle het albei ‘n straf gekry.

Maar, selfs toe God die straf wat hulle sou ontvang, aan hulle uitgelê het, het God belowe om die man en die vrou tot ‘n regte verhouding met Hom te verlos. God het belowe dat, al sou die slang en sy nageslag die vrou en haar nageslag probeer aanval, hy sou misluk. God het belowe dat die nageslag van die vrou (wat uiteindelik Jesus is) die kop van die slang sou verpletter.

Selfs te midde van die straf, het God verlossing belowe. Met elke opdrag wat God aan sy volk gegee het, het hulle sonde toegeneem. Maar soos die sonde toegeneem het, het die genade des te meer vermeerder. God het verlossing beplan nog voor ons oortredinge. Genade heers te midde van al ons foute, selfs dié wat blyk buite verlossing te wees. Genade heers deur die geregtigheid van Jesus Christus. God het die verlossing van die mensdom georkestreer nog voordat ons begin sondig het. God stort Sy genade uit oor ons, selfs nou, ongeag ons sonde. Loof Hom!

*Gebed*

Here God, U alleen is goed. Ek is meer as beskeie dat U my verlossing sou beplan selfs nog voordat ek gesondig het. U stort u genade elke dag uit oor my. U alleen is waardig om geprys te word. Laat my lewe ‘n weerspieëling wees van u genade en verlossing. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Genesis 3:20-24*

20 Die mens het sy vrou Eva genoem; sy was die moeder van al die mense. 21
Daarna het die Here God vir die mens en sy vrou velklere gemaak, en hulle het
dit aangetrek. 22 Toe het die Here God gesê: “Die mens het nou soos een van
Ons geword deurdat hy alles kan ken. As hy nou maar net nie sy hand uitsteek en
die vrug van die boom van die lewe vat en daarvan eet en altyd bly lewe nie!” 23
Daarom het die Here God die mens weggestuur uit die tuin van Eden uit om die
aarde te gaan bewerk, die aarde waaruit hy gemaak is. 24 Die Here God het die
mens uitgedryf, en om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak, het Hy
oos van die tuin van Eden gerubs gesit, en ook ’n vlammende swaard wat heen en
weer beweeg.

## *Efesiërs 2:4-10*

4 Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief. 5 Deur sy groot liefde
het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend
gemaak. Uit genade is julle gered! 6 Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met
hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom ’n plek in die hemel gegee, 7
sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is
deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het. 8 Julle is inderdaad
uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is ’n
gawe van God. 9 Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand
enige rede om op homself trots te wees nie. 10 Nee, God het ons gemaak wat ons
nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade
waarvoor hy ons bestem het.

# DONDERDAG

LEES:
*Genesis 3:20-24; Efesiërs 2:4-10*

SOAP:
*Efesiërs 2:8*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP: Efesiërs 2:8*

JULLE IS INDERDAAD UIT GENADE GERED,
DEUR GELOOF. HIERDIE REDDING KOM NIE UIT
JULLESELF NIE; DIT IS 'N GAWE VAN GOD.

*Oordenking*

Adam en Eva het die vrugte geëet van die boom van kennis van goed en kwaad. God het gesê as hulle dit doen, hulle sou sterf. Alhoewel hulle nie op daardie oomblik fisies gesterf het nie, was hulle in 'n geestelike sin, dood. Hulle sou sterf weens hul sonde. Hulle was dood, geskei van God weens hulle sonde.

Maar Adam en Eva se God, ons God, is ryk aan barmhartigheid. Hy het ons lief, al is ons dood in ons sonde. God het Adam en Eva liefgehad en versorg. Hy het die skande van hulle sonde met klere bedek. Hierdie bedekkings was van vel gemaak, wat beteken dat 'n dier as 'n offer moes sterf om hulle te bedek.

God het Adam en Eva uit die boord weggestuur. Om hulle uit die boord weg te stuur, het miskien na die slegste opsie gelyk, maar dit was God se voorsiening en sorg. In plaas daarvan dat hulle weer versoek word en moontlik van die boom van die lewe kon eet, het God hulle uit die boord gestuur.

Ook ons is van God geskei. Ons is dood in ons sonde, net soos Adam en Eva. Ons het 'n bedekking nodig, 'n offer vir ons sondes. Jesus Christus is die bedekking. Jesus Christus het Homself geoffer sodat ons van die straf van sonde gespaar kan word.

Ons word gered deur die genade van God. Op dieselfde manier waarop God in sy groot genade vir Adam en Eva bedekkings voorsien en hulle uit die boord gestuur het, het God vir ons 'n bedekking in Jesus voorsien. Sy offer is genade alleen. Deur geloof kan ons God se genadegawe, Jesus Christus, aanvaar. Wanneer ons ons geloof in Hom stel, aanvaar ons die voorsiening wat Hy vir ons gegee het, vir ons lewens en vir ons redding.

*Gebed*

Here Jesus, U alleen is die bedekking wat ek nodig het. U het my gered deur u genade alleen. Ek het niks gedoen om my redding te verdien nie. Ek het my vertroue in U geplaas vir my redding. Help my om my geloof elke dag in U te plaas. U alleen is my bedekking en my voorsiening. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 3*

## *Genesis 4:1-16*

1 Die mens het met sy vrou Eva gemeenskap gehad, en sy het swanger geword.
Sy het vir Kain in die wêreld gebring en uitgeroep: "Ek het 'n man in die wêreld
gebring met die hulp van die Here!" 2 Sy het weer 'n kind gekry, Abel, 'n broer vir
Kain. Abel was 'n veeboer en Kain 'n saaiboer.

3 Na verloop van tyd het Kain van die opbrengs van die land 'n offer aan die Here
gebring. 4 Abel het dit ook gedoen, van die eerstelinge uit sy kudde, van hulle vet.
Die Here het vir Abel en sy offer aangeneem, 5 maar nie vir Kain en sy offer nie.
Kain het baie kwaad geword en hy was bedruk.

6 Toe sê die Here vir Kain: "Waarom is jy kwaad? Waarom is jy bedruk? 7 Wag
daar nie vir jou blydskap as jy goed doen nie? As jy nie goed doen nie – die sonde
wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers."

8 Kain het met sy broer Abel gepraat, en toe hulle in die veld was, het Kain vir
Abel oorweldig en hom doodgemaak.

9 Toe vra die Here vir Kain: "Waar is jou broer Abel?" en Kain antwoord: "Ek weet
nie. Moet ek dan my broer oppas?" 10 Maar die Here sê: "Wat het jy gedoen? Die
bloed van jou broer roep van die aarde af na My. 11 Vervloek is jy dan nou, verban
van die grond af wat gretig die bloed van jou broer uit jou hand opgeslurp het.
12 Wanneer jy die grond bewerk, sal dit nie sy opbrengs vir jou gee nie. Jy sal 'n
doellose swerwer op aarde word!"

13 Toe sê Kain vir die Here: "My straf is te swaar om te dra. 14 U verdryf my nou
van my grond af, en tot U het ek nie meer toegang nie. Ek sal 'n doellose swerwer
op aarde wees, en wie my raakloop, sal my vermoor." 15 Maar die Here sê vir hom:
"Nee! Wie vir Kain vermoor, sal sewe maal gestraf word." Toe gee die Here vir
Kain 'n teken sodat niemand wat hom raakloop, hom sou doodmaak nie. 16 En
Kain het van die Here af weggegaan. Hy het gaan woon in Nod, oos van Eden.

## *Psalm 51:19*

19 Die offer wat U wil hê, o God,
is verootmoediging:
U sal 'n hart vol ootmoed en berou
nie gering ag nie, o God.

## *Hosea 6:6*

6 want Ek verwag liefde eerder as offers,
toewyding aan My eerder as brandoffers.

# VRYDAG

LEES:
*Genesis 4:1-16; Psalm 51:19; Hosea 6:6*

SOAP:
*Hosea 6:6*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 3*

*SOAP: Hosea 6:6*

...WANT EK VERWAG LIEFDE EERDER AS OFFERS, TOEWYDING AAN MY EERDER AS BRANDOFFERS.

*Oordenking*

Kain het 'n offer aan God gebring uit sy oeste. Abel het uit sy pad gegaan om God te behaag deur van die beste van sy kudde as 'n offer te bring. Alhoewel ons nie seker is van Kain se presiese motivering vir sy offer nie, is dit duidelik dat wat dit ook al was, dit God nie behaag het nie. God het Abel se offer aanvaar, maar Kain s'n verwerp.

God het Kain gewaarsku om sy hart en sy motiewe te heroorweeg, want as hy sou aanhou om nie te doen wat reg is nie, sou die sonde hom oorheers. Kain wou toegee aan sy sonde. In plaas daarvan om op God se waarskuwing ag te slaan, het hy gegaan en sy broer vermoor.

God se begeerte was nie dat Kain presies dieselfde offer moes bring as wat Abel gebring het nie. Alhoewel God, sover ons weet, nog nie die bepalings en vereistes vir offers uitgespel het, soos Hy dit in Levitikus vir die Israeliete gedoen het nie, het Hy begeer dat die harte van sy volk in aanbidding tot Hom gerig sou word.

Wanneer ons voor God staan in aanbidding, kritiseer Hy ons nie oor die presiese besonderhede van dit wat ons voor Hom lê nie. In plaas daarvan wil Hy hê dat ons aan Hom getrou moet wees, nederig teenoor Hom moet wees en berou moet hê. God begeer ons harte, nie net ons dade nie. Ons lewens moet 'n offer aan Hom wees. As ons harte reg is met God, sal ons uit ons pad gaan om Hom te behaag deur ons beste te bied. God is nie op soek na rituele nie. Hy wil hê dat ons harte na Hom sal verlang, daagliks deur Hom verootmoedig word, in verwondering oor alles wat Hy ons gegee het.

*Gebed*

Vader God, bewaar my lewe. Help my om my lewe te leef as 'n lewende offer aan U, om uit my pad te gaan om U te behaag en my beste voor U te bring. Ek wil graag 'n offer bring soos Abel. Help my om waaksaam te wees teen die sonde wat voor my deur kom en om nederig en berouvol teenoor U te bly. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Hoe moet ons as Christene die verbond van die huwelik eer, ongeag of ons getroud of ongetroud is?

2. Noem drie praktiese dinge wat jy vandag kan doen om die vyand te weerstaan.

3. Wat beteken dit dat die genade toegeneem het toe die sonde toegeneem het? Waarom sou God aanhou om aan ons genade te betoon as ons gedurig teen Hom sondig?

4. Watter aanmoediging vind jy in Efesiërs 2:8? Wat beteken dit dat verlossing nie uit onsself is nie, maar eerder 'n geskenk van God is?

5. Hoe toets ons ons motiewe wanneer ons in die versoeking kom om bloot die aksies deur te voer in ons wandel met God? Wat kan ons doen om die versoeking te weerstaan om slegs 'die blokkie af te merk' as ons harte ver van God af is?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 4

*Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.*

**ROMEINE 3:23-24**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jou kerk te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Ons word beveel om die Here te loof met alles wat ons het. Hierdie week, spandeer elke dag doelgerig tyd om God te loof. Loof Hom vir sy karakter, nie net vir wat Hy vir jou doen of gegee het nie. Hoe kan jy Hom hierdie week eer?

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

*Genesis 4:17-26*
17 Kain het met sy vrou gemeenskap gehad, en sy het swanger geword en vir
Henog in die wêreld gebring. Kain het daarna ’n stad begin bou en hy het die stad
na sy seun Henog vernoem. 18 Vir Henog is ’n seun Irad gebore, en Irad was die
vader van Megujael, en dié was die vader van Metusael, en dié was die vader van
Lameg.

19 Lameg was met twee vrouens getroud. Die een was Ada en die ander Silla.
20 Ada het vir Jabal in die wêreld gebring. Hy was die stamvader van dié wat in
tente by hulle kuddes woon. 21 Die naam van sy broer was Jubal en hy was die
stamvader van dié wat op die lier en die fluit speel. 22 Silla weer het vir Tubal-
Kain in die wêreld gebring, en hy was ’n smid, ’n vakman in koper en yster. Sy
suster was Naäma.

23 Lameg het vir sy vrouens gesê:
“Ada en Silla, luister na my!
Vrouens van Lameg,
let op my woorde!
Ek maak ’n man dood as hy my wond,
’n seun as hy my seermaak.
24 Kain sal sewe maal gewreek word,
Lameg sewe en sewentig maal!”

25 Adam het weer met sy vrou gemeenskap gehad, en sy het ’n seun in die wêreld
gebring en hom Set genoem, “want,” het sy gesê, “God het vir my ’n ander kind
gegee in die plek van Abel omdat Kain hom vermoor het.”

26 Ook vir Set is daar ’n seun gebore, en Set het hom Enos genoem. In daardie tyd
het die mense begin om die Naam van die Here aan te roep.

*Psalm 150*
1 Prys die Here!
Prys God in sy heiligdom
prys Hom hier onder sy magtige
hemelgewelf!
2 Prys Hom oor sy kragitge dade,
prys Hom in sy magtige grootheid!
3 Prys Hom met die ramshoring,
prys Hom met harp en lier!
4 Prys Hom met tamboeryn
en koordanse,
prys Hom met snaarintsrumente
en fluite!
5 Prys Hom met simbale,
prys Hom met galmende simbale!
6 Laat alles wat asem haal,
die Here prys!
Prys die Here!

# MAANDAG

LEES:
*Genesis 4:17-26; Psalm 150*

SOAP:
*Psalm 150:1-6*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP: Psalm 150:1–6*

PRYS DIE HERE! PRYS GOD IN SY HEILIGDOM, PRYS HOM HIER ONDER SY MAGTIGE HEMELGEWELF!

PRYS HOM OOR SY KRAGTIGE DADE, PRYS HOM IN SY MAGTIGE GROOTHEID! PRYS HOM MET DIE RAMSHORING, PRYS HOM MET HARP EN LIER! PRYS HOM MET TAMBOERYN EN KOORDANSE, PRYS HOM MET SNAARINSTRUMENTE EN FLUITE! PRYS HOM MET SIMBALE, PRYS HOM MET GALMENDE SIMBALE! LAAT ALLES WAT ASEMHAAL, DIE HERE PRYS! PRYS DIE HERE!

*Oordenking*

Nadat die skrywer van Genesis die verhaal van Kain en Abel vertel het, skryf hy 'n paar hoofstukke oor die familiegeskiedenis. Alhoewel hierdie geslagsregisters slegs enkele besonderhede bevat, vertel die manier waarop dit geskryf en saamgestel is, belangrike waarhede en beginsels vir 'n lewe saam met God.

Die nakomelinge van Kain was soos hul stamvader. Kain se sondige keuses het sy nageslag vir baie generasies beïnvloed. Hulle het God geminag toe hulle verskeie vroue geneem het, sukses en roem gesoek het en selfs moord gepleeg het. Kain se geslagsregister verwys ook na die eerste stede en kulture, asook die eerste musikante en vakmanne.

Set se nakomelinge toon 'n direkte kontras met Kain s'n. Soos ons in latere hoofstukke sal sien, het baie van Set se nageslag God gevrees en aanbid. Ons sien ook die eerste verwysing dat mense God se naam aangeroep en Hom aanbid het.

Ongeag van die kultuur is waarin ons verkeer, ongeag ons omstandighede, ons suksesse, ons status of ons talente, om God te aanbid is wat lewend maak. Terwyl Kain se nageslag baie belangrike dinge gedoen het, was hulle vêr van God af. Hulle het selfverryking nagejaag in plaas daarvan om God se naam te verheerlik. As ons nie aanbidding en kennis van God in ons lewens, ons gesinne, ons kulture en ons nasies behou nie, sal ons ook in sonde en vernietiging verval soos Kain se nageslag. Mag ons eerder mense wees wat die naam van die Here aanroep, wat Hom aanbid en sy naam verkondig waar ons ook al is.

Laat alles wat asem het, die Here loof!

*Gebed*

Here God, U alleen verdien om aanbid te word. U alleen is waardig. U onoortreflike grootheid is meer as enigiets op aarde. Help my om U te prys ongeag my omstandighede. Help my om van sonde weg te draai en U te aanbid. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Genesis 5:1-32*

1 Hier volg die geslagsregister van Adam.

Toe God die mense geskep het, het Hy hulle gemaak as beeld van Homself. 2 Man en vrou het Hy hulle
geskep en Hy het hulle geseën en hulle "mens" genoem toe hulle geskep is.

3 Toe Adam 130 was, het hy die vader geword van 'n seun, sy beeld, een soos hyself. Adam het hom Set
genoem. 4 Nadat Set vir hom gebore is, het Adam nog 800 jaar geleef en seuns en dogters gehad. 5 Adam
was dus 930 jaar toe hy gesterf het.

6 Toe Set 105 was, het hy die vader geword van Enos. 7 Set het na die geboorte van Enos nog 807 jaar
geleef en het seuns en dogters gehad. 8 Set was dus 912 jaar toe hy gesterf het.

9 Toe Enos 90 was, het hy die vader geword van Kenan. 10 Enos het na die geboorte van Kenan nog 815
jaar geleef en het seuns en dogters gehad. 11 Enos was dus 905 jaar toe hy gesterf het.

12 Toe Kenan 70 was, het hy die vader geword van Mahalalel. 13 Kenan het na die geboorte van Mahalalel
nog 840 jaar geleef en het seuns en dogters gehad. 14 Kenan was dus 910 jaar toe hy gesterf het.

15 Toe Mahahalel 65 was, het hy die vader geword van Jered. 16 Mahalalel het na die geboorte van Jered
nog 830 jaar geleef en het seuns en dogters gehad. 17 Mahahalel was dus 895 jaar toe hy gesterf het.

18 Toe Jered 162 was, het hy die vader geword van Henog. 19 Jered het na die geboorte van Henog nog
800 jaar geleef en het seuns en dogters gehad. 20 Jered was dus 962 jaar toe hy gesterf het.

21 Toe Henog 65 was, het hy die vader geword van Metusalag. 22 Henog het na die geboorte van Metusalag
nog 300 jaar naby God geleef en het seuns en dogters gehad. 23 Henog se oudederdom was dus 365 jaar. 24
Hy het naby God geleef en toe was hy nie meer daar nie, want God het hom na Hom toe weggeneem.

25 Toe Metusalag 187 was, het hy die vader geword van Lameg. 26 Metusalag het na die geboorte van
Lameg nog 782 jaar geleef en het seuns en dogters gehad. 27 Metusalag was dus 969 jaar toe hy gesterf het.

28 Toe Lameg 182 was, het hy die vader geword van 'n seun. 29 Hy het die seun Noag genoem, "want," het
hy gesê "hierdie seun sal ons opbeur in die harde werk met ons hande en in ons swaarkry op die grond wat
deur die Here vervloek is." 30 Lameg het na die geboorte van Noag nog 595 jaar geleef en hy het seuns en
dogters gehad. 31 Lameg was dus 777 jaar toe hy gesterf het.

32 Toe Noag 500 was, het hy die vader geword van Sem, Gam en Jafet.

## *Psalm 39:5-7*

5 Maak tog aan my bekend
wanneer my einde sal wees, Here,
en hoeveel dae daar vir my oor is,
sodat ek sal weet
wanneer my lewe verby is.
6 Kyk, U het bepaal
dat my dae min sal wees,
in u oë is my lewensduur byna niks.
Ag, alle mense is maar verganklik. (Sela)
7 Die mens leef soos in 'n droom
en hy sloof hom af vir niks.
Hy gaar op, maar weet nie wie
dit sal kry nie.

# DINSDAG

LEES:
*Genesis 5:1-32; Psalm 39:5-7*

SOAP:
*Genesis 5:24*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP: Genesis 5:24*

HY HET NABY GOD GELEEF EN TOE WAS HY NIE MEER DAAR NIE, WANT GOD HET HOM NA HOM TOE WEGGENEEM.

*Oordenking*

Die familieregister van Adam, spesifiek Set s'n, vertoon die realiteite van lewe en dood. Van al die name op hierdie lys is Henog die enigste wie se verhouding met God genoem word. Daar word nie veel gesê nie, net dat Henog naby God geleef het. Daar word nie uitgebrei vir hoe lank of op watter wyses Henog naby God geleef het nie. Maar Henog se lewe het drasties verskil van enigiemand anders op aarde. Henog het nie tot sterwe gekom nie, God het hom weggeneem.

Henog se lewe staan in kontras met die ander nakomelinge wat in Set se nageslag asook in dié van Kain genoem word. Anders as Kain se nageslag, het Henog naby God geleef. In plaas daarvan om rykdom en status na te streef soos Kain se nageslag, het hy die Here opgesoek. Hy staan ook uit bo die nageslag van Set vanweë sy toewyding aan God.

Genesis 5 konfronteer ons met ons eie sterflikheid. Alhoewel die mense wat in hierdie teks genoem word, baie langer geleef het as wat ons vandag doen, het hulle almal uiteindelik gesterf. Dit maak nie saak hoe lank en vervuld hulle lewens was nie, hulle moes steeds die dood in die gesig staar. Behalwe een. Henog se lewe staan uit omdat Hy naby God geleef het. Die skrywer van Genesis gebruik die voorbeeld van Henog se lewe om ons te vertel dat die ewige lewe slegs deur 'n verhouding met God bekom kan word.

As ons 'n goeie begrip van ons sterflikheid het, stel dit ons in staat om te sien wat wel in die lewe saak maak nie nié. God se Woord en die siel van die mens is die enigste dinge wat tot in ewigheid sal duur. Ons tyd op aarde is kort, maar dit kan gekenmerk word aan 'n lewe van aanbidding en toewyding aan God.

*Gebed*

Here, help my om my sterflikheid te verstaan. My lewe is net 'n knipoog vanuit u perspektief. Help my om getrou aan U te bly terwyl ek my lewe lei. Ek wil naby U leef soos Henog gedoen het. Wys my wat dit beteken om elke dag my hart en lewe aan U toe te wy. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Genesis 6:1-8*

1 Toe die mense baie begin word het op die aare en daar vir hulle dogters gebore
is, 2 het die hemelwesens gesien die dogters van die mense is mooi en het hulle
getrou met die dogters van hulle keuse. 3 Toe sê die Here: "My Gees sal nie meer
so lank in die mens bly nie, want hy is sterflik. Sy lewensduur sal nou honderd en
twintig jaar wees."

4 In daardie tyd was daar reuse op die aarde, en ook daarna wanneer die
hemelwesens na die dogters van die mense toe gekom en kinders by hulle gehad
het. Hulle was die sterk mense van die ou tyd, die manne van naam.

5 Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat
hy sy lewe lank net slegte dinge bedink, 6 was die Here bedroef daaroor dat Hy die
mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep gegrief. 7 Die Here het gesê: "Ek
sal die mens wat Ek geskep het, wegvee van die aarde af; mens en dier, ook dié wat
kruip, en die voëls, want Ek is bedroef daaroor dat Ek hulle gemaak het."

8 Maar Noag is deur die Here begenadig.

## *Romeine 3:21-26*

21 Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en die profete getuig, in
werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou
nie, 22 maar deur in Jesus Christus te glo. 23 Almal het gesondig, en het nie deel
aan die heerlikheid van God nie, 24 maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien,
op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.
25-26 Hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir dié
wat glo. Hierdeur het God getoon wat sy vryspraak behels: Hy het die sondes wat
Hy voorheen in sy verdraagsaamheid tydelik ongestraf laat bly het, vergewe. Maar
Hy het ook getoon wat sy vryspraak in die teenswoordige tyd behels: Hy oordeel
regverdig deurdat Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo.

# WOENSDAG

LEES:
*Genesis 6:1-8; Romeine 3:21-26*

SOAP:
*Romeine 3:23-24*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP: Romeine 3:23–24*

ALMAL HET GESONDIG, EN HET NIE DEEL AAN DIE HEERLIKHEID VAN GOD NIE, MAAR HULLE WORD, SONDER DAT HULLE DIT VERDIEN, OP GROND VAN SY GENADE VRYGESPREEK VANWEË DIE VERLOSSING DEUR JESUS CHRISTUS.

*Oordenking*

Nie alle evangeliese geleerdes stem saam oor die betekenis van Genesis 6:1-4 nie. Een moontlike verduideliking sê dat die seuns van God die nageslag van Set was en die dogters van die mens afstammelinge van Kain. Kain se goddelose nageslag het Set se nageslag, wat aan God toegewy was, verlei tot sonde. 'n Ander verklaring is dat die seuns van God gevalle engele was wat hul posisie in die hemel verloor het en dat die dogters van die mens vroue was by wie hulle geslaap het.

Alhoewel ons nie sekerheid het oor die betekenis van hierdie verse nie, is dit duidelik dat die harte van mense sleg geword het. Goddeloosheid was aan die orde en almal se gedagtes was boos. Die Here was bedroef en het selfs spyt gevoel dat Hy mense geskep het.

Maar God was genadig. Selfs te midde van hulle goddeloosheid en van 'n afskuwelike oortreding teen Hom, het God verlossing gebied. Noag het guns gevind in die oë van God, nie deur enigiets wat hy gedoen het nie, maar deur God se genade alleen. God het aan die mensdom genade betoon deur Noag se familie te gebruik om die menslike geslag te laat voortleef.

Die mensdom is steeds goddeloos en sondig. Ons is uit 'n sondige natuur gebore en dwaal steeds weg van God af. Ons almal skiet tekort aan sy heerlikheid en geregtigheid. Ten spyte daarvan, maak God ons regverdig. God is ryk aan barmhartigheid, vol liefde en medelye. Hy verbyster ons met sy genade deur 'n verlosser, Jesus Christus, te stuur. Ons het almal gesondig en nie aan sy voorskrifte voldoen nie, maar deur Sy genade alleen word ons geregverdig en verlos.

*Gebed*

Here God, ek het ontsag vir u genade. Ek verdien nie u ongelooflike liefde en medelye nie. Ek verdien nie u genade en u verlossing nie. Ek loof U vir u goedheid en vergifnis. In Jesus se naam, amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Genesis 6:9-22*

9 Hier volg die verhaal van Noag.

Noag was 'n regverdige man. Onder sy tydgenote was hy onberispelik en hy het
naby God geleef. 10 Noag het drie seuns gehad: Sem, Gam, Jafet.

11 Die aarde was korrup in die oë van God, vol geweld; 12 Hy het die aarde
gesien: dit was korrup, elke mens op aarde se lewe was verrot. 13 Toe sê God
vir Noag: "Ek het besluit om 'n einde te maak aan alle mense, want deur hulle
toedoen is die aarde vol geweld. Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg. 14
"Maak vir jou 'n ark van goferhout. Jy moet vertrekke in die ark maak en dit binne
en buite met pik dig maak. 15 Jy moet dit soos volg maak: die lengte van die ark
moet honderd vyf en dertig meter wees, sy breedte twee en twintig en 'n half meter
en sy hoogte dertien en 'n half meter. 16 Jy moet 'n dak vir die ark maak en sy nok
moet jy vyf en veertig sentimeter hoog maak. Verder moet jy 'n deur aan die kant
van die ark insit en 'n onderste, middelste en boonste verdieping maak. 17 "Ek
gaan 'n oorstroming oor die aarde laat kom om al wat daarop lewe, te verdelg, elke
lewende ding onder die hemel. Alles wat op die aarde is, sal omkom, 18 maar met
jou wil Ek 'n verbond sluit. Jy moet in die ark ingaan, jy en jou seuns en jou vrou
en jou skoondogters. 19 Van al wat leef, van al die diere, moet jy twee van elk,
manlik en vroulik, in die ark laat ingaan om saam met jou aan die lewe te bly. 20
Van elke soort voël en dier, ook van dié wat kruip, van almal sal daar twee na jou
toe kom om aan die lewe te bly. 21 Jy moet vir jou kos saamvat, van alles wat geëet
kan word, en dit by jou wegpak. Dit sal jou en die diere se kos wees."

22 Noag het alles gedoen presies soos God hom beveel het.

## *Hebreërs 11:7*

7 Omdat Noag geglo het, het hy God eerbiedig gehoorsaam toe hy gewaarsku is
oor dinge wat nog nie gesien kon word nie. Daarom het hy die ark gebou om sy
huisgesin te red. Sy geloof was 'n veroordeling van die wêreld, maar dit het hom
erfgenaam gemaak van die vryspraak wat deur die geloof kom.

# DONDERDAG

LEES:
*Genesis 6:9-22; Hebreërs 11:7*

SOAP:
*Hebreërs 11:7*

*Scripture*

SKRYF DIE BYBELVERSE VIR VANDAG NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2 OPMERKINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP: Hebreërs 11:7*

OMDAT NOAG GEGLO HET, HET HY GOD EERBIEDIG GEHOORSAAM TOE HY GEWAARSKU IS OOR DINGE WAT NOG NIE GESIEN KON WORD NIE. DAAROM HET HY DIE ARK GEBOU OM SY HUISGESIN TE RED. SY GELOOF WAS 'N VEROORDELING VAN DIE WÊRELD, MAAR DIT HET HOM ERFGENAAM GEMAAK VAN DIE VRYSPRAAK WAT DEUR DIE GELOOF KOM.

*Oordenking*

Noag het guns by God gevind. Terwyl hy beskryf word as 'n goddelike man, onberispelik onder sy tydgenote, was dit net God wat gekies het om genade aan Noag te betoon. Noag se getrouheid aan God en sy bereidwilligheid om sy opdragte te volg, staan in direkte kontras met diegene rondom hom. Hy het in 'n goddelose geslag geleef, maar hy het gekies om God te volg. Henog het ook naby God geleef en is beloon deur weggeneem te word; Noag het Henog se voorbeeld gevolg en ook naby God geleef.

God het Noag beveel om iets te doen wat hy nog nooit gesien het nie. God het Noag gewaarsku dat iets ongehoords en onverwags sou gebeur. Hoewel Noag moontlik getwyfel het, is dit nie in die Skrif opgeteken nie. Al waarvan ons vertel word, is Noag se geloof.

Noag was bereid om dit wat die wêreld aangebied het opsy te sit en God te volg. Hy het in geregtigheid geleef en alles gedoen wat God hom beveel het. Noag word geprys vir sy geloof in Hebreërs 11. Noag het geglo dat God bestaan en dat hy beloon sou word as hy sou voortgaan om saam met Hom te wandel.

As ons die onbekende in die gesig staar, wend ons ons dan na die veiligheid wat die wêreld bied, óf na God se opdragte? As ons besluit om 'n stap in geloof te neem, vind ons miskien nie aardse rykdom of sukses nie, maar ons vind guns by God. Om naby God te leef, sy opdragte te eerbiedig en uit te voer, is hoe ons ons geloof beoefen en Hom behaag.

*Gebed*

Here, ek verlang daarna om saam met U te wandel. Wys my die areas in my lewe waar ek U nie eer of U naam verheerlik nie. Gee my moed om dit uit my lewe te sny. Wys my waar my geloof ontbreek en versterk my geloof sodat ek kan voortgaan om met U te wandel. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 4*

## *Genesis 7:1-24*

1 Toe sê die Here vir Noag: "Jy en jou hele gesin moet in die ark ingaan. Ek het jou gesien en onder hierdie geslag bevind Ek jou regverdig. 2 Van al die rein diere moet jy sewe pare, manlik en vroulik, saamvat en van al die onrein diere net een paar, manlik en vroulik. 3 Ook uit die voëls moet jy sewe pare, mannetjies en wyfies, saamvat. Dit moet jy doen om al die soorte op die hele aarde aan die lewe te laat bly. 4 Oor sewe dae sal Ek dit veertig dae en nagte lank laat reën en alles wat leef, wat Ek gemaak het, wegvee van die aarde af."

5 Noag het alles gedoen soos die Here hom beveel het.

6 Noag was ses honderd jaar toe die vloedwaters oor die aarde gekom het. 7 Noag en sy seuns en sy vrou en sy skoondogters het in die ark ingegaan vir die vloedwaters. 8 Die rein en die onrein diere, die voëls, en die diere wat kruip, 9 het in pare, manlik en vroulik, na Noag toe in die ark gekom soos God vir Noag gesê het. 10 Op die sewende dag het die vloedwaters oor die aarde gekom.

11 Presies op die sewentiende dag van die tweede maand van die ses honderste jaar van Noag het die fonteine van die groot waters oopgebreek. Die vensters van die hemel is oopgemaak, 12 sodat daar 'n stortreën op die aarde geval het, veertig dae en veertig nagte lank.

13 Dit was die dag waarop Noag en sy seuns, Sem, Gam en Jafet, en sy vrou en sy drie skoondogters almal saam in die ark ingegaan het. 14 Hulle, en elke soort wilde dier en mak dier, en al die soorte diere wat kruip, en elke soort voël, alles wat vlieg, het ingegaan. 15 Van al wat leef, het daar pare-pare na Noag toe in die ark gekom. 16 Hulle het ingekom, manlik en vroulik, soos God vir Noag gesê het. En toe het die Here die ark agter Noag toegesluit.

17 Die oorstroming het oor die aarde gekom, veertig dae lank, en die water het al hoe meer geword. Dit het die ark opgelig en die ark het begin opstyg bokant die aarde. 18 Maar die waters het nog meer en nog sterker geword op die aarde en die ark het op die waters begin dryf. 19 Die waters op die aarde het nog meer en meer geword, sodat hulle al die hoë berge wat daar onder die hemel is, bedek het. 20 Die water het amper sewe meter bokant die berge gestyg en dit bedek. 21 Al wat op die aarde geleef het, het omgekom: diere wat kruip, voëls, mak diere, wilde diere, ja, alles wat op aarde wemel, ook al die mense; 22 alles wat die lewensasem in die neus gehad het, alles wat op land geleef het, is dood. 23 So het God alles wat op die aarde geleef het, uitgewis: mens en dier, ook dié wat kruip, en die voëls, hulle almal is weggevee van die aarde af. Net Noag en dié by hom in die ark is gespaar. 24 Die water het die aarde honderd en vyftig dae lank oorstroom.

## *Psalm 23*

1 'n Psalm van Dawid.
Die Here is my herder,
ek kom niks kort nie.
2 Hy laat my rus in groen weivelde.
Hy bring my by waters
waar daar vrede is.
3 Hy gee my nuwe krag.
Hy lei my op die regte paaie
tot die eer van sy Naam.
4 Selfs al gaan ek deur donker dieptes,
sal ek nie bang wees nie,
want U is by my.
In u hande is ek veilig.
5 U laat my by 'n feesmaal aansit,
terwyl my teëstanders moet toekyk.
U ontvang my soos 'n eregas,
Ek word oorlaai met hartlikheid.
6 U goedheid en liefde
sal my lewe lank by my bly
en ek sal tuis wees
in die huis van die Here
tot in lengte van dae.

# VRYDAG

LEES:
*Genesis 7:1-24; Psalm 23*

SOAP:
*Psalm 23:4*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# V R Y D A G

*Dagstukkies vir Week 4*

*SOAP: Psalm 23:4*

SELFS AL GAAN EK DEUR DONKER DIEPTES, SAL EK NIE BANG WEES NIE, WANT U IS BY MY. IN U HANDE IS EK VEILIG.

*Oordenking*

Kan jy jou voorstel hoe Noag gevoel het toe hy en sy familie in die middel van die vloed was? Noag het alles gedoen wat God hom beveel het. Hy was getrou in sy wandel met God en hy was getrou deur die ark te bou. God het die deur van die ark gesluit en die vloed het gekom. Noag en sy familie en die diere by hulle was die enigstes wat oorleef het. Hoe groot moes die wonder, vrees en verwarring gewees het wat hulle gevoel het? Ook die afwagting...

Dieselfde God wat Noag gered het uit 'n bose geslag, dieselfde God wat Noag opdrag gegee het presies hoe om die ark te bou, dieselfde God wat self die deur gesluit het en dieselfde God wat Noag en sy familie en al die diere van die vloedwaters beskerm het, is steeds God vandag. Hy is by ons in al ons vloede, ons valleie, al ons vrese.

Alhoewel God alle lewende wesens vernietig het, het Hy Noag en sy familie gered. God was met hulle en Hy het hulle selfs te midde van donkerheid gelei. Ons het almal al seisoene van oorweldigende vrees beleef. Wanneer ons voor valleie te staan kom, of dit is as gevolg van pyn, verlies, sonde, vrees of verdrukking, ons God is dieselfde. Hy is die herder wat vir ons sorg. Hy is die Een wat ons lei na oorvloed, wat ons help wanneer ons swak of moeg is, wat ons krag gee en ons die regte pad aanwys.

Noag het alle rede gehad om bang te wees. Tog het hy op God vertrou in die middel van sy omstandighede en elke dag met God gewandel. Mag ons lewens 'n refleksie wees van Noag se lewe, getrou om alles te doen wat God van ons vra, getrou om aan Hom vas te hou selfs in die donkerste valleie en verseker te weet dat Hy by ons is, maak nie saak wat gebeur nie.

*Gebed*

Vader God, ek weet dat U by my is. U is my herder en in U, ontbreek daar by my niks nie. U is by my en ek is nie bang vir enige gevaar nie. U verseker my van wie U is en wat U kan doen. Ek vertrou U, o Heer. Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Loof God vir sy karakter. Skryf vir Hom 'n kort loflied en eer Hom vir wie Hy is en wat Hy gedoen het.

2. Wat beteken dit om met God te wandel? Hoe het Henog met God gewandel? Hoe kan jy in jou daaglikse lewe met God wandel?

3. Wat beteken dit om geregverdig te word deur God se genade? Waarom is dit ewe belangrik om te onthou dat ons in Christus vryelik geregverdig is as om te onthou dat almal gesondig het?

4. Waarom was Noag se geloof so belangrik? Waarom word hy in Hebreërs 11 geloof vir sy geloof?

5. Wanneer was God in die verlede met jou in 'n seisoen van duisternis of moeilikheid? Hoe vertroos God se beskerming oor Noag en sy gesin jou dat God jou ook in toekomstige moeilike seisoene sal beskerm?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 5

Toe het God gesê: "Dit is die teken van die verbond tussen My en julle en die wilde diere by julle, 'n verbond wat vir alle toekomstige geslagte geld: my reënboog het Ek in die wolke geplaas. Dit sal die teken wees van die verbond tussen My en die aarde.

GENESIS 9:12-13

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir sendelinge te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

God het vir Noag 'n reënboog gegee as teken van sy belofte om nooit weer die hele aarde deur 'n vloed te vernietig nie. Reënboë kom altyd na 'n storm. Wat vertel dit vir ons van God se sorg en voorsiening vir ons te midde van moeilike tye? Hoe vertrou jy sy beloftes as jy binne-in 'n storm is?

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Genesis 8:1-14*

1 Toe het God gedink aan Noag en aan al die wilde diere en die mak diere wat
by hom in die ark was, en God het 'n wind oor die aarde laat waai, en die waters
het teruggetrek. 2 Die fonteine van die groot waters en die vensters van die hemel
is toegemaak, en die stortreën uit die hemel het opgehou. 3 Die water het al hoe
meer weggesak van die aarde af. Na honderd en vyftig dae het die water so gesak 4
dat die ark op die sewentiende van die sewende maand op die Araratberge tot rus
gekom het. 5 Die water het aangehou sak en op die eerste van die tiende maand
het die bergtoppe sigbaar geword.

6 Veertig dae later het Noag die venster wat hy vir die ark ingesit het, oopgemaak
7 en 'n kraai losgelaat, maar dit het heen en weer gevlieg totdat die water op die
aarde opgedroog het.

8 Noag het toe 'n duif losgelaat om te probeer vasstel of die water al van die aarde
af verdwyn het. 9 Maar oral op die aarde was daar nog water, en die duif kon
nie 'n rusplekkie kry vir die holte van sy voet nie en het na Noag toe in die ark
teruggekom. Hy het dit met sy hand gevang en in die ark teruggesit. 10 Noag het
toe nog sewe dae gewag en weer die duif uit die ark uit losgelaat. 11 Teen die aand
het die duif na hom toe teruggekom, nogal met 'n varsgeplukte olyfblaar in sy bek.
Toe het Noag geweet dat die water op die aarde opdroog. 12 Hy het nog sewe dae
gewag en die duif losgelaat, maar dit het nie weer na hom toe teruggekom nie.

13 Op die eerste dag van die eerste maand van die ses honderd en eerste jaar van
Noag was die water op die aarde heeltemal weggedroog. Noag het die luik van
die ark oopgemaak en uitgekyk. Die hele aarde was droog. 14 Op die sewe en
twintigste van die tweede maand was die aarde droog,

## *Psalm 29:10-11*

10 Die Here heers oor die watermassas,
Hy heers vir altyd as koning.
11 Die Here gee krag aan sy volk;
die Here seën sy volk met oorvloed.

# MAANDAG

LEES:
*Genesis 8:1-14; Psalm 29:10-11*

SOAP:
*Psalm 29:10-11*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

*SOAP: Psalm 29:10-11*

DIE HERE HEERS OOR DIE WATERMASSAS, HY HEERS VIR ALTYD AS KONING. DIE HERE GEE KRAG AAN SY VOLK; DIE HERE SEËN SY VOLK MET OORVLOED.

*Oordenking*

God het Noag onthou. God het definitief nie vir Noag en sy familie vergeet terwyl hulle in die ark was nie, so wat beteken dit dat Hy vir Noag onthou het? Toe God gedink het aan Noag, beteken dit dat sy optrede verander het. Toe God aan Noag gedink het, het Hy begin om die vloedwaters laat terugtrek. Die waters het weggesak en die aarde het begin opdroog.

In die middel van ‘n globale vloed, het God aan Noag gedink. God het die waters laat sak sodat Noag en sy familie weer veilig op die aarde kon lewe. God was in beheer van daardie vloed, en Hy is in beheer van die vloede, letterlik of figuurlik, wat ons vandag ook moet trotseer.

Die Hebreeuse woord vir watermassas in Psalm 29 is dieselfde woord wat gebruik word in Genesis 8. As God koning was oor daardie vloed, die een wat alle lewe op aarde vernietig het, dan is Hy sekerlik die Koning van jou vloed! Hy troon bo die watermassas van jou emosies, jou eensaamheid, jou rampe, jou vrese, jou behoeftes en jou pyn. Wanneer die “vloedwaters” kom, kan ons sy stem onthou. Dit maak nie saak wat die krag of volume van die waters is nie, God is Koning. Hy troon oor die waters. Hy troon bowe alles en almal.

God dink aan Sy mense. Hy reageer op hul noodkrete. Wanneer ons uitroep na Hom, hoor Hy nie net nie, Hy reageer ook. Hy reageer in ooreenstemming met sy karakter. Hy is getrou, nie net om te hoor en te onthou nie, maar ook om te reageer. Die God wat gedink het aan Noag, dink ook aan jou en aan my. Die God wat bevel gegee het oor die waters, sodat dit moet terugtrek, werk ook in jou lewe vandag. Hy is ons ewige Koning.

*Gebed*

God, in U groot ontferming, dink aan my. Ek het u goedheid en guns so nodig vandag. Ek glo dat u troon oor al die vloede in my lewe wat nou woed. U is getrou om my gebede te hoor en te beantwoord. Dankie dat U aan my dink. Amen

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Genesis 8:15-22*

15 en toe sê God vir Noag: 16 "Gaan uit die ark uit, jy en jou vrou en jou seuns
en hulle vrouens, 17 en al die lewende wesens wat by jou is, van watter soort hulle
ook al is: voëls, diere en alles wat kruip. Hulle moet saam met jou uitgaan. Hulle
moet wemel op die aarde en vrugbaar wees en baie word op die aarde."

18 Noag en sy seuns en sy vrou en sy skoondogters het uitgegaan, 19 en ook al die
diere, al die voëls en alles wat kruip, het uit die ark uitgegaan, almal volgens hulle
soorte.

20 Toe het Noag 'n altaar vir die Here gebou en van al die rein vee en die rein
voëls gevat en brandoffers op die altaar gebring. 21 Die Here het die offer aanvaar
en Hy het by Homself gesê: "Ek sal nie weer so 'n ramp oor die aarde laat kom
vanweë die mens nie. Van sy jeug af bedink die mens net slegte dinge, maar Ek sal
nie weer al wat lewe laat omkom soos Ek gedoen het nie.

22 "So lank as die aarde bly bestaan,
sal saaityd en oestyd nie ophou nie,
ook nie koue en hitte,
somer en winder,
dag en nag nie.

## *Psalm 115:16-18*

16 Die hemel is net vir die Here,
maar die aarde
het Hy aan die mens gegee.
17 Nie die dooies prys die Here nie,
nie dié wat die graf in is nie,
18 maar óns,
ons prys die Here,
nou en vir altyd!
Prys die Here!

# DINSDAG

LEES:
*Genesis 8:15-22; Psalm 115:16-18*

SOAP:
*Psalm 115:16-18*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

*SOAP: Psalm 115:16-18*

DIE HEMEL IS NET VIR DIE HERE, MAAR DIE AARDE HET HY AAN DIE MENSE GEGEE. NIE DIE DOOIES PRYS DIE HERE NIE, NIE DIÉ WAT DIE GRAF IN IS NIE, MAAR ÓNS, ONS PRYS DIE HERE, NOU EN VIR ALTYD! PRYS DIE HERE!

*Oordenking*

Na maande se gewag, was dit eindelik tyd vir Noag en sy familie om die ark te verlaat. Voordat hulle die ark verlaat, gee God aan hulle dieselfde opdrag as aan Adam en Eva - om vrugbaar te wees en te vermeerder op die aarde.

Die mens het so verdorwe geword, dat God nodig gehad het om die aarde te vernietig en van voor af te begin. Noag het God gevrees en daarom was Noag die beginpunt van 'n nuwe gemeenskap wat God sou opbou, een wat Hom sou aanbid. Noag se offer aan God was vir Hom aanneemlik en Hy het belowe om nooit weer die hele aarde te verwoes nie, ten spyte van mense se sonde.

Ons is geskep om God te loof en te eer. Ons is ontwerp om aan Hom eer en glorie te bring en sy Naam bekend te maak. Maar, ons het weggedraai van Hom af, en ons het ons eie eer gesoek in plaas van dié van God. Tog, selfs in ons opstand, red God ons. Hy seën ons met genade en gee ons soveel meer as waarvoor ons ooit sou vra of selfs aan dink.

Anders as hulle wat in die vloed gesterf het, kon Noag die Here loof en prys. Ons het ook die groot voorreg om toegang tot God te hê en ons kan Hom loof. Soos Noag, kan ons ook die Here aanbid net daar waar ons is, wat ons omstandighede ook al mag wees. Hy alleen is lofwaardig. Prys die Here!

*Gebed*

O Heer, U is waardig om geprys te word! Ek loof U vir u groot genade, dat U my nie behandel soos wat my sonde verdien nie, maar my toelaat om te lewe en om 'n verhouding met U te hê. Ek word oorweldig deur u groot genade, wat so vêr strek, selfs buite my begrip. Laat my lewe oorvloei met lof en prys aan U. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Genesis 9:1-17*

1 God het vir Noag en sy seuns geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word
baie en bewoon die aarde. 2 Al die diere, al die voëls, al die diere wat kruip, en
al die vis sal vir julle bang wees en vir julle skrik. Hulle word tot julle beskikking
gestel. 3 Alles wat roer en lewe, sal kos wees vir julle. Naas die groen plante gee Ek
dit alles vir julle.

4 Julle mag net nie vleis eet met sy lewe in, dit is met sy bloed in nie. 5 Wanneer
julle eie bloed vergiet word, sal Ek daaroor rekenskap eis, want dit is julle lewe:
van 'n dier sal Ek rekenskap eis oor die lewe van 'n mens, en van 'n mens sal Ek
rekenskap eis oor die lewe van sy medemens.

6 "Wie die bloed van 'n mens vergiet,
deur 'n mens sal sy bloed
vergiet word.
God het die mens gemaak
as sy verteenwoordiger.
7 Maar júlle moet vrugbaar wees
en baie word.
Vermeerder op die aarde
en word baie!"

8 Verder het God vir Noag en sy seuns gesê: "Kyk, Ek sluit 'n verbond met julle
en julle nageslag 10 en met al die lewende wesens by julle: die voëls, die mak
diere en die wilde diere by julle, naamlik met al die wilde diere wat uit die ark
uitgekom het. 11 Ek sal my verbond met julle hou: mens en dier sal nie weer deur
vloedwaters uitgewis word nie. Daar sal nie weer 'n oorstroming wees wat die
aarde sal oorweldig nie."

12 Toe het God gesê: "Dit is die teken van die verbond tussen My en julle en
die wilde diere by julle, 'n verbond wat vir alle toekomstige geslagte geld: 13 my
reënboog het Ek in die wolke geplaas. Dit sal die teken wees van die verbond
tussen My en die aarde. 14 Wanneer Ek wolke oor die aarde laat saampak, en die
reënboog verskyn in hulle, 15 sal Ek dink aan my verbond met julle en al die wilde
diere volgens hulle soorte. Daar sal nooit weer vloedwaters kom wat alle lewende
wesens uitroei nie. 16 Die reënboog sal in die wolke wees, en wanneer Ek dit sien,
sal Ek dink aan die ewige verbond tussen My en al die lewende wesens op die
aarde."

17 God het vir Noag gesê: "Dit is dan die teken van die verbond wat Ek tot stand
gebring het tussen My en al die lewende wesens op die aarde."

## *2 Korintiërs 1:20-22*

20 die "ja" op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons
tot eer van God daarop "Amen" sê. 21 God self het ons saam met julle op hierdie
vaste grond gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder, 22 ons as sy
eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg van wat ons
nog sal ontvang.

# WOENSDAG

LEES:
*Genesis 9:1-17; 2 Korintiërs 1:20-22*

SOAP:
*Genesis 9:12-13*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

*SOAP: Genesis 9:12–13*

TOE HET GOD GESÊ: "DIT IS DIE TEKEN VAN DIE VERBOND TUSSEN MY EN JULLE EN DIE WILDE DIERE BY JULLE, 'N VERBOND WAT VIR ALLE TOEKOMSTIGE GESLAGTE GELD: MY REËNBOOG HET EK IN DIE WOLKE GEPLAAS. DIT SAL DIE TEKEN WEES VAN DIE VERBOND TUSSEN MY EN DIE AARDE.

*Oordenking*

Die verbond wat God met Noag gemaak het, die belofte dat God nooit weer alle lewende wesens op aarde deur vloedwater sal uitwis nie, was die eerste opgetekende verbond wat God met sy volk gesluit het. Dit is 'n onvoorwaardelike verbond. Wat die mensdom ook al mag doen, God sal nooit weer alle lewe op aarde deur vloedwater vernietig nie.

As herinnering aan hierdie verbond het God die reënboog geskep. Hy het dit in die wolke geplaas om Homself aan sy belofte te herinner. Die reënboog is nie bedoel om God te herinner ingeval Hy dalk vergeet nie. Net soos God aan Noag in die ark gedink en sy optrede verander het, word God herinner aan die ewigdurende verbond wat Hy met die mensdom gesluit het wanneer Hy sy reënboog sien.

Die reënboog is ook daar om ons te herinner. Reënboë vorm slegs as daar reën is en gewoonlik na 'n reënbui. Reënboë herinner ons dat God sy beloftes hou, ongeag hoe erg die storm is. God sal nooit weer die aarde met vloedwater vernietig nie, en Hy sal ook al sy ander beloftes aan ons nakom.

Die reënboog dien as simbool van God se karakter. God is konstant, onveranderlik en altyd getrou. Hy sal nooit sy beloftes verbreek nie en altyd doen wat Hy sê. God se getrouheid in die verlede is 'n belofte van sy getrouheid in die toekoms. Sy reënboog bevestig dat al sy beloftes ja is in Christus.

*Gebed*

Here God, dankie vir u reënboog. Dankie dat U ons elke keer as dit reën herinner aan u karakter en u beloftes. Help my om vertroue te hê in al u beloftes, selfs dié wat vandag vir my moeilik is om te glo. Ek vertrou op u karakter en u beloftes. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

## *Genesis 9:18-29*

18 Noag se seuns wat uit die ark gekom het, was Sem, Gam en Jafet. Gam was die
pa van Kanaän. 19 Dit was Noag se drie seuns en uit hulle is die hele aarde bevolk.

20 Noag was 'n boer, die eerste wat 'n wingerd geplant het. 21 Hy het wyn gedrink
en dronk geword. Toe het hy kaal in sy tent gelê. 22 Gam, die pa van Kanaän, het
gesien sy pa is kaal en het dit buite vir sy twee broers gaan vertel. 23 Sem en Jafet
het toe 'n kledingstuk van Noag gevat, dit oor hulle skouers gehou en agteruit
geloop en hulle pa toegemaak. Hulle het anderpad gekyk, sodat hulle nie hul pa
kaal sou sien nie.

24 Toe Noag uit sy roes wakker word en verneem wat Gam, sy jongste, hom
aangedoen het, sê hy:
"Vervloek is Kanaän!
'n Nikswerd slaaf sal hy wees,
in diens van sy broers."

26 Verder het hy gesê:
"Prys die Here, die God van Sem!
Kanaän moet Sem se slaaf wees.
27 Mag God aan Jafet 'n ruim
woonplek gee,
mag hy welkom wees
in die tente van Sem.
Kanaän moet Jafet se slaaf wees."

28 Na die oorstroming het Noag nog drie honderd en vyftig jaar geleef. 29 Noag
was dus nege honderd en vyftig jaar toe hy gesterf het.

## *Eksodus 13:3-5*

3 Moses het vir die volk gesê: "Onthou die dag waarop julle uit Egipte, uit die
plek van slawerny, weggetrek het, want dit is deur sy groot mag dat die Here julle
daaruit bevry het. Julle mag op dié dag niks met suurdeeg in eet nie. 4 "Julle
vertrek vandag, op hierdie besondere dag in die maand Abib.

5 Die Here het met 'n eed aan julle voorvaders belowe om vir julle die land van
die Kanaäniete, Hetiete, Amoriete, Hewiete en Jebusiete te gee. Wanneer Hy
julle bring in die land wat oorloop van melk en heuning moet julle die volgende
verpligting in hierdie maand nakom:

# DONDERDAG

LEES:
*Genesis 9:18-29; Eksodus 13:3-5*

SOAP:
*Genesis 9:26*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

*SOAP: Genesis 9:26*

VERDER HET HY GESÊ: "PRYS DIE HERE, DIE GOD VAN SEM! KANAÄN MOET SEM SE SLAAF WEES.

MAG GOD AAN JAFET 'N RUIM WOONPLEK GEE, MAG HY WELKOM WEES IN DIE TENTE VAN SEM.

KANAÄN MOET JAFET SE SLAAF WEES."

*Oordenking*

Seëninge en vloeke is 'n belangrike tema in die boek Genesis. In Genesis hoofstuk 9 vervloek Noag sy seun Gam en seën sy seuns Sem en Jafet. Gam se optrede was onbetaamlik en oneerbiedig terwyl Sem en Jafet baie moeite gedoen het om hulle pa te eer en sy waardigheid te beskerm.

Op daardie oomblik gee God vir Noag insig in die toekomstige betrekkinge tussen sy nakomelinge. Moses, die grotendeels onbetwiste skrywer van Genesis, gebruik hierdie verhaal om te vertel hoe die optrede van Noag se seuns die reputasies en karaktertrekke van hulle nageslag sou beïnvloed. Sem was die voorvader van God se uitverkore volk, die Israeliete; Gam se afstammelinge, daarenteen, het bekend geraak het as die Kanaäniete, wie se land aan die Israeliete oorgegee is.

Hierdie verhaal gee ook vir ons insig oor hoe God wil hê dat sy volgelinge moet optree. Sem en Jafet was geseën omdat hulle hul vader geëer het terwyl Gam vervloek is oor sy optrede. God se volk moet verdorwenheid ooreenkomstig sy Woord hanteer, nie vir hul eie gewin nie. Die regverdige gedrag van Sem en Jafet is beloon, nie net in hul leeftyd nie, maar ook vir hul nageslag.

Sem en Jafet se optrede het hulle as kinders van God gekenmerk. Dit was baie duidelik dat hulle gekies het om met God te wandel en sy opdragte te gehoorsaam. Noag het die Here geprys en Hom 'die God van Sem!' genoem. As ons volgens God se waarheid leef en daagliks sy opdragte volg, sal diegene om ons weet wie ons dien. As ons in pas is met die Gees maak ons God se naam groot.

*Gebed*

Here, U is God. Ek begeer dat my lewe 'n getuienis van u heerlikheid en goedheid sal wees. Maak my waaksaam vir versoeking en gee vir my 'n uitweg. Laat my so lewe dat u naam in alle omstandighede geëer en verheerlik word. U is waardig om geprys te word en ek wil U volg, nie die wêreld nie. In Jesus se naam, amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 5*

*Genesis 10:1-7*
1 Hier volg besonderhede oor Noag se seuns, Sem, Gam en Jafet. Na die oorstroming is daar ook vir hulle kinders gebore.

2 Die nageslag van Jafet: Gomer, Magog, die Mediërs, die Grieke, Tubal, Mesek en
Tiras. 3 Die nageslag van Gomer was Askenas, Rifat en Togarma. 4 Uit Griekeland
het Elisa, Tarsis, die Kittiërs en die Rodaners voortgekom. 5 Uit hulle het die
mense wat nou die kusstreke bewoon, daarnatoe versprei, volgens hulle stamme en nasies, elkeen met sy eie taal.

6 Die nageslag van Gam: Kus, Egipte, Put en Kanaän. 7 Doe nageslag van Kus
was Seba, Gawila, Sabta, Rama en Sabteka. Die nageslag van Rama was Skeba en Dedan.

*Handelinge 17:26*
26 Uit een mens het Hy al die nasies gemaak. Hy het hulle gemaak om oor die hele aarde te woon. Hy het bepaal hoe lank hulle sal bestaan en waar hulle sal woon.

# VRYDAG

LEES:
*Genesis 10:1-7; Handelinge 17:26*

SOAP:
*Handelinge 17:26*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 5*

*SOAP: Handelinge 17:26*

UIT EEN MENS HET HY AL DIE NASIES GEMAAK. HY HET HULLE GEMAAK OM OOR DIE HELE AARDE TE WOON. HY HET BEPAAL HOE LANK HULLE SAL BESTAAN EN WAAR HULLE SAL WOON.

*Oordenking*

Toe Paulus Athene besoek het, was hy baie ontsteld oor die baie afgodsbeelde wat hy daar gesien het. Hy het selfs 'n altaar 'aan 'n onbekende god' gesien. Paulus het voor die mense gaan staan en aan hulle begin verduidelik wie hierdie onbekende god is, hoe dit in der waarheid die God van die skepping, die Here van die hemel en aarde is. Paulus het verduidelik hoe hierdie God die hele aarde insluitend die ganse menslike ras geskep het. God het vir elke mens 'n spesifieke tyd en plek gekies waar hulle moes woon sodat hulle God sou soek en vind.

As ons die geslagsregisters in die Skrif lees, kan 'n mens se aandag maklik afgelei raak of jy begin belangstelling verloor oor die inligting wat dit bevat. Bekyk 'n mens dit egter van naderby, kry jy 'n baie duideliker prentjie van God se doel en plan met die skepping van die mens. God het 'n ongelooflike plan gehad toe Hy die aarde geskep het; alles is vir 'n spesifieke plan, met die spesifieke bedoeling om God te verheerlik. Die mensdom is nie anders nie. God het 'n spesifieke plan vir elke mens, gesin, familie, gemeenskap en nasie. Hy weet alles en Hy plaas hulle in die tye sowel as op die plekke waar hulle moet woon.

Wat 'n ontsagwekkende God! Hy ken ons nie net intiem nie, maar het nog voor ons geboorte al gekies wanneer en waar ons sal woon. Die mense na wie in Genesis verwys word, het families, geslagte en nasies geword wat 'n groot invloed - ten goede of ten kwade - op die kultuur, nywerheid en kuns van die wêreld uitgeoefen het. Hoewel baie kies om van Hom afvallig te word, is God steeds in beheer en soewerein oor elke lid van die menslike geslag. Hy begeer dat niemand verlore moet gaan nie, maar dat almal na Hom toe sal kom. Ongeag wanneer en waar ons woon, God het 'n plan en 'n doel met ons lewens en tot sy verheerliking.

*Gebed*

Vader God, U het my met 'n spesifieke plan en doel geskep om u naam bekend te maak. Wys vir my hoe ek U vandag kan verheerlik en eer. Help my om 'n lig vir diegene om my te wees sodat ek hulle na u Seun, Jesus Christus, kan heenwys. Amen

# OORDENKINGSVRAE

1. Hoe herinner Psalm 29:10-11 ons aan God se soewereiniteit?

2. Waarom is dit belangrik dat ons God loof en prys? Het God ons lof nodig? Waarom vra God dat ons Hom moet loof en prys?

3. Hoe herinner die reënboog ons aan God se getrouheid? Watter ander tekens van sy trou het God jou al gegee?

4. Hoe het God sy beloftes in jou lewe vervul? Watter temas of beloftes kom telkens na vore in jou geloofswandel wat jou herinner aan God se getrouheid?

5. Hoe vertroos Handelinge 17:26 jou? As God weet wanneer en waar jy sou woon, hoe kan jy rus, ongeag van wat vandag vir jou voorlê?

# NOTAS

# NOTAS

# WEEK 6

*U het my al gesien toe*

*ek nog ongebore was,*

*al my lewensdae was*

*in u boek opgeskrywe*

*nog voordat ek gebore is.*

**PSALMS 139:16**

# GEBED

## SKRYF JOU GEBEDSVERSOEKE EN LOFPRYSINGS VIR ELKE DAG NEER.

Gebedsfokus vir hierdie week:
Spandeer tyd om vir jouself te bid.

MAANDAG

DINSDAG

WOENSDAG

DONDERDAG

VRYDAG

# UITDAGING

Lees hierdie week Psalm 139. Dink en reflekteer oor God se volle kennis van jou. Hy ken jou diepste binneste en is steeds lief vir jou. Spandeer hierdie week tyd om oor hierdie waarheid na te dink. Vra vir Hom om vir jou sy vrede te gee terwyl jy in die waarheid rus dat Hy jou ten volle ken en volkome liefhet!

# MAANDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

## *Genesis 10:8-20*

8 Uit Kus het Nimrod gekom, die eerste maghebber op die aarde. 9 Hy was ’n
dapper jagter, ook in die oë van die Here. Daarom word daar gesê: “’n Dapper
jagter in die oë van die Here, soos Nimrod.” 10 Nimrod se koninkryk het begin by
Babel, Erek, Akkad en Kalne, almal in Sinar. 11 Van hier af het hy na Assirië toe
gegaan en Nineve, Regobot-Ir en Kalag gebou, 12 asook Resen tussen Nineve en
Kalag. Resen was ’n groot stad.

13 Uit Egipte weer het gekom die Ludeërs, Anammers, Lehabeërs, Naftoagiete, 14
Patrosane en die Kaslugiete uit wie die Filistyne kom, en die Kaftorane.

15 Uit Kanaän het gekom Sidon wat as sy oudste seun geld, en verder Het, 16
die Jebusiete, Amoriete, Girgasiete, 17 Hewiete, Erekiete, Siniete, 18 Arwadters,
Semariërs en die mense van Hamat. Met verloop van tyd het die Kanaänitiese
stamme versprei 19 en het hulle grense gestrek van Sidon af tot by Gasa in die
rigting van Gerar en tot by Lesa in die rigting van Sodom, Gomorra, Adma en
Sebojim. 20 Hulle is almal die nageslag van Gam, met hulle eie stamme en tale in
hulle eie lande en onder hulle eie nasies.

## *Jona 3*

1 Die woord van die Here het ’n tweede keer tot Jona gekom: 2 “Maak klaar, gaan
na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan met die boodskap wat Ek jou sal
gee.” 3 Toe maak Jona klaar en gaan na Nineve toe soos die Here hom beveel het.
Nineve was ’n baie groot stad: ’n mens het drie dae gevat om dit deur te stap. 4
Jona het die stad ingegaan en ’n dag lank daar rondgestap en toe roep hy: “Nog
net veertig dae en Nineve word verwoes!”

5 Die mense van Nineve het toe in God geglo en hulle het ’n dag aangekondig
om te vas. Groot en klein het rouklere aangetrek. 6 Die berig het ook by die
koning van Nineve uitgekom. Hy het van sy troon af opgestaan en sy koningsklere
uitgetrek, rouklere aangetrek en op ’n ashoop gaan sit. 7 Hy het in Nineve laat
proklameer: “Die koning en sy raadgewers beveel dat mens en dier, grootvee en
kleinvee, aan niks mag proe nie, dat hulle niks mag eet en nie water mag drink nie.
8 Mens en dier moet rouklere aanhê, en die mense moet ernstig tot God roep en
hulle van hulle verkeerde dade bekeer en berou hê oor die geweld wat hulle gepleeg
het. 9 Miskien sal God van plan verander en nie meer kwaad wees nie. Dan sal ons
nie omkom nie.” 10 Toe God sien wat hulle doen, en hoe hulle hulle bekeer van
hulle verkeerde dade, het Hy afgesien van die ramp wat Hy gesê het Hy oor hulle
sal bring. Hy het nie die ramp gestuur nie.

# MAANDAG

LEES:
*Genesis 10:8-20; Jona 3*

SOAP:
*Jona 3:10*

*Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

*Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# MAANDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

*SOAP: Jona 3:10*

TOE GOD SIEN WAT HULLE DOEN, EN HOE HULLE HULLE BEKEER VAN HULLE VERKEERDE DADE, HET HY AFGESIEN VAN DIE RAMP WAT HY GESÊ HET HY OOR HULLE SAL BRING. HY HET NIE DIE RAMP GESTUUR NIE.

*Oordenking*

Namate Noag se familie die aarde herbevolk het, het sommige volke God gevolg terwyl ander van Hom weggedraai het. Nimrod was 'n magtige jagter wat oor 'n groot koninkryk geheers het. Hy het die stad Nineve gebou, 'n stad in die Assiriese Ryk wat bekend was vir geweld en goddeloosheid/boosheid. Die profeet Jona het na Nineve gereis en God se boodskap verkondig. Jona was onwillig om na Nineve te gaan en vir die inwoners te sê om hulle te bekeer, nie omdat hy bang was vir sy lewe nie, maar omdat hy besorg was oor God se medelye. Jona het die Nineviete gehaat en wou hê dat God hulle geheel en al moes uitwis, nie barmhartigheid aan hulle betoon nie.

Die mense van Nineve het hulle van hulle boosheid bekeer (al was dit net vir 'n ruk). God het van sy vernietigingsplan afgesien en nie oordeel oor die stad voltrek nie. Sy barmhartigheid het die mense van Nineve verstom, maar Jona was nie verbaas nie. Jona wou hê sy vyand moes vernietig word en hy was (ten minste aanvanklik) ontsteld oor God se deernis.

Jare later het die stad Nineve teruggekeer na hulle goddelose lewe. Die profeet Nahum het gepraat van God se beloofde vernietiging van die stad Nineve as gevolg van hulle blatante opstand teen God en hulle boosheid teenoor God se volk. God het die stad Nineve saam met die res van die Assiriërs vernietig.

Die nalatenskap van Nineve herinner ons aan die omvang van God se karakter. Hy is is beheer en sy optrede mag ons begrip te bowe gaan. Ongeag of Hy kies om genade aan die goddeloses te betoon of om wraak uit te oefen, Sy karakter bly dieselfde. Sy goedheid en heiligheid word deur sy dade geopenbaar, of ons nou glo dat dit by ons eie belange inpas of nie. Maar ons kan Hom vertrou. Hy het die aarde geskape. Hy het elke mens uitgekies en besluit wanneer en waar ons sal woon. Hy het 'n plan en 'n doel en ons kan op sy karakter vertrou.

*Gebed*

Here God, help my om op u karakter te vertrou. Ek glo dat U goed is, nie net vir my nie, maar ook vir alles wat U geskep het. Ek weet ek kan u optrede vertrou, selfs al verstaan ek dit nie. Help my om te glo dat U altyd ter wille van u heerlikheid en my beswil optree, en help my om te rus in u weergalose goedheid, barmhartigheid en liefde. Amen.

# DINSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

*Genesis 10:21-32*

21 Vir Sem is daar ook kinders gebore. Hy was die voorvader van al die Hebreërs. Sy oudste broer was Jafet.

22 Die nageslag van Sem: Elam, Assirië, Arpaksad, Lud en Aram. 23 Die nageslag
van Aram was Us, Gul, Geter en Mas. 24 Uit Arpaksad het Selag gekom, en uit
Selag Heber. 25 Vir Heber is twee seuns gebore. Die naam van die een was Peleg,
want in sy tyd is die land verdeel, en die naam van sy broer was Joktan. 26 Uit
Joktan het gekom Almodad, Selef, Gasarmawet, Jerag, 27 Hadoram, Usal, Dikla,
28 Obal, Abimael, Skeba, 29 Ofir, Gawila en Jobab. Hulle almal het uit Joktan
voortgekom. 30 Hulle nedersettings het gestrek van Mesa af in die rigting van
Sefar in die oostelike bergwêreld. 31 Hulle is almal die nageslag van Sem, met
hulle eie stamme en tale, in hulle eie lande en onder hulle eie nasies.

32 Dit is die stamme van die seuns van Noag volgens hulle herkoms onder hulle eie nasies. Uit húlle het die nasies oor die aarde versprei ná die oorstroming.

*Spreuke 19:23*

23 Wie die Here dien,
se lewe is veilig;
so 'n mens slaap rustig,
geen ramp tref hom nie.

# DINSDAG

LEES:
*Genesis 10:21-32; Spreuke 19:23*

SOAP:
*Spreuke 19:23*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2
TOEPASSINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED
OOR WAT JY GELEER
HET UIT VANDAG
SE SKRIFGEDEELTE.

# DINSDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

*SOAP: Spreuke 19:23*

DIE VREES VAN DIE HERE IS TOT DIE LEWE;
EN VERSADIG BRING 'N MENS DIE NAG DEUR,
SONDER OM DEUR ONHEIL BESOEK TE WORD.

*Oordenking*

Een van die hooftemas van Genesis is die belangrikheid daarvan om die Here te vrees. Wanneer mense God gevrees het, is aan hulle seëninge en lewe gegee. Toe hulle van God wegdraai en in opstand kom, het hulle oordeel of vernietiging teëgekom. Die skrywer van Genesis het dit duidelik gemaak in die beskrywing van Henog en aangedui hoe sy getrouheid aan God hom daarvan weerhou het om 'n fisiese dood te sterf. Diegene wat God gevrees en gevolg het soos Abel, Noag, Sem is geseën, terwyl diegene wat teen God in opstand gekom het, soos Kain en Gam, vervloek is en veroordeel is.

Die begrip om God te vrees, beteken meer as eerbied of ontsag. Dit beteken inderdaad dat ons Hom moet vrees. Vir mense soos Noag het die vrees van die Here beteken dat hy Hom letterlik vrees. Noag het gesien waartoe God in staat is en wat Hy doen aan diegene wat van Hom afvallig geword het. Noag het God gevrees. Noag het ook 'n verhouding met God gehad.

As ons God vrees, vrees ons inderdaad sy toorn oor ons sonde. Maar die vrees van God lei ook tot 'n begrip van sy karakter. God betoon aan sy volk (en selfs sy vyande, soos Nineve) medelye en liefde. Hy smag daarna om 'n verhouding met ons te hê. Ons verhouding met Hom lei ons om sy liefde te ken, wat vrees uitdryf (1 Johannes 4:18).

Die vrees van die Here lei tot 'n bevredigende lewe. Om God te vrees beteken nie dat die lewe vol materiële seëninge, volmaakte dae en gesonde liggame sal wees nie. Om God te vrees beteken dat ons tevrede is in Hom en Hom alleen, maak nie saak in watter omstandighede ons ons ookal bevind nie. Om God te vrees, lei daartoe dat jy Hom ken. As ons sy liefde ken en verstaan, word ons geseën deur sy teenwoordigheid.

*Gebed*

Here, ek vrees U. As u kind wil ek U volg, nie net omdat ek die grootheid van u toorn verstaan nie, maar omdat ek die groot liefde leer ken wat U oor my uitstraal. U is vol deernis en barmhartigheid. Help my om ten volle in U tevrede te wees. Amen.

# WOENSDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

## *Genesis 11:1-9*

1 Die hele wêreld het net een taal gepraat. 2 Toe die mense ooswaarts getrek het,
het hulle uitgekom by ’n vlakte in Sinar en daar gaan woon. 3 Hulle het op ’n keer
vir mekaar gesê: “Kom ons maak stene en ons brand hulle hard.” Hulle het toe
stene in plaas van klip gebruik en asfalt in plaas van klei. 4 Toe sê hulle: “Kom ons
bou vir ons ’n stad met ’n toring waarvan die punt tot in die hemel reik en ons
maak so vir ons ’n naam. Dan sal ons nie oor die hele aarde versprei nie.”

5 Die Here het afgekom om te kyk na die stad en die toring wat die mense vir
hulle gebou het, 6 en toe sê Hy: “Hier is hulle een volk en almal het een taal.
Hulle het nog maar net begin om iets te doen. Hierna sal niks wat hulle beplan vir
hulle onmoontlik wees nie. 7 Kom laat Ons afgaan en verwarring bring in hulle
taal, sodat die een nie die ander verstaan nie.”

8 Die Here het hulle toe van daar af verstrooi oor die hele aarde, en hulle het
opgehou met die bou van die stad. 9 Daarom het hulle die stad Babel genoem,
want daar het die Here in die taal van die aarde verwarring gebring, en van daar af
het Hy die mense oor die hele aarde verstrooi.

## *Jesaja 55:8-9*

8 My gedagtes is nie julle gedagtes nie,
en julle optrede nie soos Myne nie,
sê die Here;
9 soos die hemel hoër is as die aarde,
so is my optrede
verhewe bo julle optrede
en my gedagtes bo julle gedagtes.

# WOENSDAG

LEES:
*Genesis 11:1-9; Jesaja 55:8-9*

SOAP:
*Jesaja 55:8-9*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# WOENSDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

*SOAP: Jesaja 55:8–9*

“WANT MY GEDAGTES IS NIE JULLE GEDAGTES NIE, EN JULLE WEË IS NIE MY WEË NIE” SPREEK DIE HERE, “WANT SOOS DIE HEMEL HOËR IS AS DIE AARDE, SO IS MY WEË HOËR AS JULLE WEË EN MY GEDAGTES AS JULLE GEDAGTES.”

## *Oordenking*

Toe die mense op die aarde hulle in Shinar vestig, het hulle ‘n toring en ‘n stad gebou vir hulle eie roem. Hulle begeerte was om bymekaar te bly, op een plek, waar hulle bekendheid sou verwerf en reg oor die wêreld bekend sou word. Hulle was van plan om te bly waar hulle hulle gevestig het en het in opstand gekom teen God se opdrag om die hele aarde te vul.

God het die mense in hul spore gestop, hulle taal verwar en hulle van mekaar vervreem. Hulle is noodgedwonge versprei en het op nuwe plekke gaan woon omdat hulle mekaar nie kon verstaan nie. Dit het God in staat gestel om sy doel vir die mensdom te vervul en die hele aarde te vul. Hulle trots het daartoe gelei dat hulle ongehoorsaam was teenoor God, terwyl hulle probeer het om hulle bo God bekend te maak.

God se optrede in hierdie verhaal mag drasties klink, om gesinne en gemeenskappe te versprei, geskei deur taal. God het ‘n groot plan en doel vir die mensdom gehad, een teenoor wie die mense direk ongehoorsaam was. God se opdrag aan hulle was om oor die aarde te versprei en die aarde te vul en om sy naam en mag bekend te maak. In plaas daarvan om op God se heerlikheid te fokus, het hulle hulle eie gesoek.

Alhoewel God se planne nie altyd vir ons sin maak nie, kan ons gerus wees dat Hy steeds in beheer is. Sy planne en aksies, soos om ‘n verdorwe stad vry te spreek of om mense oor die aarde te versprei mag ons skok. Dit is nie ons planne nie. Wanneer God se optrede nie vir ons sin maak nie, kan ons vrede en sekerheid in sy karakter vind. Hy is goed, heilig, kragtig, medelydend, barmhartig, genadig en liefdevol. Ongeag van hoe Hy optree, kan ons weet dat sy karakter nooit sal verander nie.

## *Gebed*

Here God, ek vertrou u planne. Help my om U te vertrou wanneer ek nie u dade verstaan nie. U weë is hoër as myne. Wys my meer van u karakter as ek verward is deur u optrede. Help my om U te vertrou, al verstaan ek nie wat U besig is om te doen nie. Amen.

# DONDERDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

## *Genesis 11:10-26*

10 Hier volg die familieregister van Sem.

Toe Sem 100 was, het hy die vader geword van Arpaksad, twee jaar na die oorstroming. 11
Sem het na die geboorte van Arpaksad nog 500 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.

12 Toe Arpaksad 35 was, het hy die vader geword van Selag. 13 Arpaksad het na die
geboorte van Selag nog 403 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.

14 Toe Selag 30 was, het hy die vader geword van Heber. 15 Selag het na die geboorte van
Heber nog 403 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.

16 Toe Heber 34 was, het hy die vader geword van Peleg. 17 Heber het na die geboorte
van Peleg nog 430 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.

18 Toe Peleg 30 was, het hy die vader geword van Reü. 19 Peleg het na die geboorte van
Reü nog 209 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.

20 Toe Reü 32 was, het hy die vader geword van Serug. 21 Reü het na die geboorte van
Serug nog 207 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.

22 Toe Serug 30 was, het hy die vader geword van Nahor. 23 Serug het na die geboorte
van Nahor nog 200 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.

24 Toe Nahor 29 was, het hy die vader geword van Tera. 25 Nahor het na die geboorte van
Tera nog 119 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.

26 Toe Tera 70 was, het hy die vader geword van Abram, Nahor en Haran.

## *Matteus 1:1-17*

1 Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid, die seun van Abraham:

2 Abraham was die vader van Isak, Isak van Jakob, en Jakob van Juda en sy broers; 3
Juda was die vader van Peres en Serag by Tamar, Peres van Gesron, en Gesron van Ram;
4 Ram was die vader van Amminadab, Amminadab van Nagson, en Nagson van Salmon;
5 Salmon was die vader van Boas by Ragab, Boas van Obed by Rut, Obed van Isai; 6 Isai
was die vader van koning Dawid.

Dawid was die vader van Salomo by die vrou Urija; 7 Salomo was die vader van
Rehabeam, Rehabeam van Abia en Abia van Asa; 8 Asa was die vader van Josafat, Josafat
van Joram, en Joram van Ussia; 9 Ussia was die vader van Jotam, Jotam van Agas, en Agas
van Hiskia; 10 Hiskia was die vader van Manasse, Manasse van Amon, en Amon van Josia;
11 Josia was die vader van Jojagin en sy broers. Toe is die volk weggevoer na Babilonië toe.

12 En na die Babiloniese ballingskap was dit so: Jojagin was die vader van Sealtiël, en
Sealtiël van Serubbabel; 13 Serubbabel was die vader van Abihud, Abihud van Eljakim, en
Eljakim van Asor; 14 Asor was die vader van Sadok, Sadok van Agim, en Agim van Elihud;
15 Elihud was die vader van Eleasar, Eleasar van Mattan, en Mattan van Jakob; 16 Jakob
was die vader van Josef, die man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem
word.

17 Altesaam was daar dus veertien geslagte van Abraham af tot by Dawid, veertien van
Dawid af tot by die Babiloniese ballingskap en veertien van die Babiloniese ballingskap af
tot by Christus.

# DONDERDAG

LEES:
*Genesis 11:10-26; Matteus 1:1-17*

SOAP:
*Matteus 1:16*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# DONDERDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

*SOAP: Matteus 1:16*

EN JAKOB DIE VADER VAN JOSEF, DIE MAN VAN MARIA UIT WIE GEBORE IS JESUS WAT CHRISTUS GENOEM WORD.

*Oordenking*

Die boek van Genesis is deur Moses geskryf gedurende die veertig jaar wat die Israeliete in die woestyn geswerwe het. Die boek is geskryf vir ‘n generasie Israeliete wat die beloofde land, Kanaän, sou binnegaan. Baie van hierdie Israeliete is in Egipte in slawerny gebore, maar baie van hulle is ook tydens die swerftog deur die wildernis gebore. Diegene wat Egipte geken het, was jonk toe hulle vertrek het en hulle het die grootste deel van hulle lewe gewag dat God sy belofte moes nakom om hulle na die beloofde land te bring.

Hierdie eerste hoofstukke van Genesis beskryf die manier waarop die aarde geskep is en die mense wat dit bewoon het. ‘n Israeliet wat die geslagsregister in Genesis lees, sou die name herken het uit die verhale wat aan hulle vertel is. God het ’n belofte aan Abraham gegee en hierdie Israeliete het geweet dat dit hulle die vrug van daardie belofte was.

Wanneer ons vandag die geslagsregister in Matteus lees, het ons ’n soortgelyke perspektief as die Israeliete toe Moses Genesis geskryf het. Die Israeliete het geweet wie Abraham was, wat hy sou doen en wie sy kinders sou word. Wanneer ons die geslagsregister van Jesus lees, weet ons wie Hy is, wat Hy gedoen het en wat van sy volgelinge sou word.

Die Israeliete lees Genesis 11, wetende dat God reeds ’n deel van sy belofte vervul het. Hy het Abraham ’n groot nasie gemaak, maar ’n deel van die belofte sou nog kom: die erfdeel van die land. As ons na die lewe van Jesus kyk, weet ons dat God reeds ’n deel van sy belofte vervul het: Hy het Jesus die Messias gestuur wat die sondes van die wêreld weggeneem het. Vandag wag ons nog op God om die res van sy belofte na te kom: Christus se wederkoms en heerskappy. Ons God is dieselfde God. Hy is die Beloftemaker en Beloftehouer. Hy het sy belofte aan Abraham nagekom en Hy sal inderdaad Sy belofte aan ons nakom.

*Gebed*

Here God, U is die Beloftehouer. U het belowe om u Seun as die Messias te stuur om ons van sonde te red. U het dit gedoen. Ek glo in u belofte dat Jesus weer sal kom om te oordeel en te regeer. Dankie dat U oor en oor in u Woord u beloftehouer-karakter aan my wys. Amen.

# VRYDAG

*Skrifgedeeltes vir Week 6*

## *Genesis 11:27-32*

27 Hier volg die familiegeskiedenis van Tera.

Tera het die vader geword van Abram, Nahor en Haran, en Haran het die vader
geword van Lot. 28 Haran het in Ur van die Galdeërs, sy geboorteland, gesterf toe
sy vader Tera nog geleef het. 29 Abram het getrou en Nahor ook: Abram se vrou se
naam was Sarai en dié van Nahor se vrou was Milka, 'n dogter van Haran wat nie
net die vader van Milka was nie, maar ook van Jiska. 30 Sarai was onvrugbaar; sy
het nie kinders gehad nie.

31 Tera het sy seun Abram geneem en ook sy kleinseun Lot seun van Haran, en sy
skoondogter Sarai die vrou van sy seun Abram, en saam met hulle uit Ur van die
Galdeërs weggetrek om na Kanaän toe te gaan. Maar hulle het net tot by Haran
getrek en in dié stad gaan woon. 32 Tera was twee honderd en vyf jaar oud toe hy
in Haran gesterf het.

## *Psalm 139:13-16*

13 U het my gevorm,
my aanmekaargeweef
in die skoot van my moeder.
14 Ek wil U loof,
want U het my
op 'n wonderbaarlike wyse geskep.
Wat U gedoen het,
vervul my met verwondering.
Dit weet ek seker:
15 geen been van my was vir U verborge
toe ek gevorm is
waar niemand dit kon sien nie,
toe ek aanmekaargeweef is
diep in die moederskoot.
16 U het my al gesien
toe ek nog ongebore was,
al my lewensdae was in u boek
opgeskrywe
nog voordat ek gebore is.

# VRYDAG

LEES:
*Genesis 11:27-32; Psalm 139:13-16*

SOAP:
*Psalm 139:16*

## *Scripture*

SKRYF DIE
BYBELVERSE
VIR VANDAG
NEER.

## *Observations*

SKRYF 1 OF 2
OPMERKINGS
UIT DIE VERSE
NEER.

## *Applications*

SKRYF 1 OF 2 TOEPASSINGS UIT DIE VERSE NEER.

## *Pray*

SKRYF 'N GEBED OOR WAT JY GELEER HET UIT VANDAG SE SKRIFGEDEELTE.

# VRYDAG

*Dagstukkies vir Week 6*

*SOAP: Psalm 139:16*

U HET MY AL GESIEN TOE EK NOG ONGEBORE WAS, AL MY LEWENSDAE WAS IN U BOEK OPGESKRYWE NOG VOORDAT EK GEBORE IS.

*Oordenking*

Die boek Genesis beskryf die oorsprong van God se volk. Hoofstuk 1–11 beskryf die manier waarop God die hemel en die aarde en alles daarin geskape het. Dit openbaar die krag van God in die skepping, die toorn van God teen die sonde en die medelye van God vir sy volk. Dit wys ook God se ongelooflike, ingewikkelde, gedetailleerde plan vir die mensdom.

God het beplan om die mensdom in die wêreld te bring, wetend dat hulle teen Hom sou rebelleer. Selfs van die begin af het God ons verlossing beplan en georkestreer. Hy het 'n gesin gevestig en daarna 'n volk wat sy verteenwoordigers in die wêreld sou wees. Genesis 1–11 stel hierdie gesin, die familie van Abraham bekend en voorspel God se verlossingsplan.

Die temas in Genesis 1–11 laat ons toe om met die karakter van God te worstel. Soms het God dinge gedoen wat ons nie verstaan het nie. Soms het God presies gedoen wat ons gehoop het Hy sou doen. Soms het God uit sy pad uit gegaan om Sy volk met genade en barmhartigheid te oorlaai. God werk op dieselfde manier in ons lewens vandag. Ons is in staat om na Hom te kom met ons vrae, om vergifnis te vra, sy medelye te soek en in sy liefde te rus.

God het die aarde gesien voordat dit gevorm is. God het die familie van Abraham, die stamvader van die Messias, gesien voordat Hy 'n enkele mens geskep het. God sien ons vandag in ons lewens. Hy ken die intieme besonderhede van wie ons is en wat ons nodig het. Hy het al ons dae bepaal, die plekke en tye waarin ons leef en wat ons sou dink en doen nog voordat een van hulle ontstaan het. Ons kan op God vertrou. Ons kan seker wees van sy karakter en sy beloftes, selfs as ons oorweldig word met vrae. Hy is genadig en barmhartig, word nie gou kwaad nie en is ryk aan getroue liefde.

*Gebed*

Here God, ek is verstom oor U werke. Ek is verstom oor u krag, u medelye, u liefde en u geregtigheid. Help my om U te vertrou as ek u optrede nie verstaan nie. Help my om U te glo as dit lyk asof my wêreld uitmekaar val. Help my om in u teenwoordigheid te rus. U het al my dae bepaal. Ek het U lief Here. In Jesus Naam, Amen.

# OORDENKINGSVRAE

1. Hoe word God se medelye in Jona 3 geopenbaar? Waarom sou God genade bewys aan diegene wat Hom verwerp het en sy volk getreiter het?

2. Wat beteken dit om die Here te vrees? Hoe bring dit vir ons lewe eerder as vernietiging?

3. Gee Jesaja 55: 8-9 jou vertroosting of vrees? Waarom dink jy veroorsaak dit hierdie reaksie in jou? Waarom is dit belangrik om ons lewens en planne aan God oor te gee?

4. Wat kan ons leer deur die geslagsregisters in die Bybel te bestudeer? Waarom, dink jy, wou God hê dat ons die geskiedenis en geslagsregisters van sy volk moes ken?

5. Bied Psalm 139 jou vertroosting of angs? Is jy bly dat God al jou dade en jou dae ken, of sou jy verkies dat Hy nie alles van jou weet nie? Hoekom?

# NOTAS

# NOTAS

# KEN HIERDIE WAARHEDE

### *God het jou lief.*
Selfs wanneer jy onwaardig voel en voel of die wêreld teen jou is, God het jou lief - ja, vir jou - en Hy het jou vir ‘n groot doel geskape.

God se Woord sê, “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê” (Johannes 3:16).

### *Ons sonde skei ons van God.*
Ons is almal van nature en deur keuses sondaars, en as gevolg van dit is ons geskei van God, wat heilig is.

God se Woord sê, “Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie” (Romeine 3:23).

### *Jesus het gesterf sodat jy die lewe kan hê.*
Die gevolg van sonde is die dood, maar jou verhaal hoef nie daar te eindig nie! God se gratis geskenk van verlossing is aan ons beskikbaar, want Jesus het die straf vir ons sonde gedra toe Hy aan die kruis gesterf het.

God se Woord sê, “Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus” (Romeine 6:23); “Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was” (Romeine 5:8).

### *Jesus leef!*
Die dood kon Hom nie vashou nie, en drie dae nadat Sy liggaam in die graf geplaas is, het Hy opgestaan, en sonde en die dood vir ewig oorwin! Hy leef vandag in die hemel en is besig om ‘n plek in die ewigheid voor te berei vir almal wat in Hom glo.

God se Woord sê, “In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. En as ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is” (Johannes 14:2-3).

### *Ja, jy kan WEET dat jy vergewe is.*
*Aanvaar Jesus as die enigste weg na verlossing…*

Om Jesus as jou Verlosser te aanvaar gaan nie oor wat jy kan doen nie, maar eerder om geloof te hê in wat Jesus alreeds gedoen het. Dit verg dat jy herken dat jy ‘n sondaar is, dat jy glo dat Jesus vir jou sondes gesterf het, en dat jy vergifnis vra, deur jou volle vertroue te plaas in Jesus se werk aan die kruis om jou onthalwe.

God se Woord sê, “As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en word ons vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered” (Romeine 10:9-10).

### *Hoe lyk dit prakties?*

Met ‘n opregte hart kan jy ‘n eenvoudige gebed soos hierdie bid:

> *God,*
> *Ek weet dat ek ‘n sondaar is.*
> *Ek wil nie nog ‘n dag leef sonder om die liefde en*
> *vergifnis wat U vir my het met ope arms aan te neem nie.*
> *Ek vra vir U vergifnis.*
> *Ek glo dat U vir my sondes gesterf*
> *het en uit die dood opgestaan het.*
> *Ek gee alles wat ek is oor, en vra*
> *U om die Here van my lewe te wees.*
> *Help my om weg te draai van my sonde en U te volg.*
> *Leer my om te weet wat dit beteken om in vryheid te wandel*
> *soos ek onder U genade leef, en help my om te groei in U weë,*
> *soos ek daarna streef om U beter te ken.*
> *Amen.*

As jy nou net hierdie gebed gebid het (of iets soortgelyks in jou eie woorde), sal jy ons e-mail by info@lovegodgreatly.com?

Ons sal jou graag wil help om te begin met hierdie opwindende reis as ‘n kind van God!

# WELKOM VRIENDIN

*Love God Greatly* bestaan om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus om God se Woord 'n prioriteit in hulle lewens te maak.

***INSPIRERING***
van vrouens om God se Woord 'n prioriteit te maak in hulle daaglikse lewens deur ons Bybelstudie hulpbronne.

***AANMOEDIGING***
van vrouens in hulle daaglikse wandel met God deur 'n aanlyn gemeenskap en persoonlike aanspreeklikheid.

***TOERUSTING***
van vrouens om in hulle geloof te groei, sodat hulle effektief ander mense vir Christus kan bereik.

*Love God Greatly* bestaan uit 'n pragtige gemeenskap van vrouens wat 'n verskeidenheid van tegnologie gebruik om mekaar verantwoordbaar te hou in God se Woord.

Ons begin met 'n eenvoudige Bybelleesplan, maar dit eindig nie daar nie.

Sommige vrouens kom bymekaar in hulle huise en plaaslike kerke, terwyl ander aanlyn met vrouens reg oor die wêreld inskakel. Watter metode ookal gebruik word, ons vou liefdevol ons arms om mekaar en verenig vir hierdie doel…om God heelhartig met ons lewens lief te hê.

By *Love God Greatly* sal jy ware, lewensegte vrouens vind. Vrouens wat onvolmaak, maar tog vergewe is. Vrouens wat minder van hulleself, en baie meer van Jesus begeer. Vrouens wat verlang om God deur Sy Woord te ken, want ons weet dat Waarheid ons hervorm en vrymaak. Vrouens wat beter is wanneer hulle saam is, versadig in God se Woord en in 'n gemeenskap met mekaar.

*Love God Greatly* is 'n 501 (C) (3) nie-winsgewende organisasie. Bevondsing vir *Love God Greatly* kom van donasies en opbrengste van ons aanlyn Bybelstudie joernale en boeke. LGG is toegewyd om kwaliteit Bybelstudie materiaal te voorsien en glo dat finansies nooit in die pad moet staan van 'n vrou om te kan deelneem in een van ons studies nie. Alle LGG joernale en vertaalde joernale is beskikbaar om gratis afgelaai te word van LoveGodGreatly.com vir diegene wat nie kan bekostig om dit te koop nie. Ons joernale en boeke is ook te koop op Amazon. Soek vir "Love God Greatly" sodat jy al ons Bybelstudie joernale en boeke kan sien. 100% van die opbrengs gaan direk terug in die ondersteuning van *Love God Greatly* en help ons om vrouens reg oor die wêreld te inspireer, aan te moedig en toe te rus met God se Woord.

DANKIE dat jy 'n deelgenoot met ons is!

## VIR JOU

### *Wat ons bied*

Meer as 30 Vertalings
Bybel Leesplanne
Aanlyn Bybelstudie
Love God Greatly Toep
Meer as 200 Lande Bedien

Bybelstudie Joernale
Gemeenskapsgroepe
Love God Greatly Bybel
Love God Greatly Joernaal

### *Elke studie sluit in*

Drie Blogs per Week
Daaglikse Dagstukkies
Memoriseerverse

Weeklikse Uitdagings
Weeklikse Oordenkingsvrae
Leesplan Tussen Studies

### *Ander Studies*

Ewige Verbond
Jesus, Ons Alles
Ken die Liefde
In Sy Krag: Gister en Vandag
Vrees en Angs
Opgestaan
Nader tot God
Saligsprekinge
Ester
Woorde Maak Saak
Wandel in Oorwinning
Laat Reg Geskied, Bewys Liefde En Trou,
Lewe Bedagsaam Voor Jou God
Getroue Liefde
Wees Dapper
Verlosser
Beloftes van God
Liefde Sonder Vooroordeel
Waarheid Oorwin
1 & 2 Tessalonisense
Vrees en Angs

Jakobus
Sy Naam Is...
Filippense
1 & 2 Timoteus
Toegewy
Rut
Gebroke en Verlos
Wandel in Wysheid
God Met Ons
Jy is Vergewe
Dawid
Prediker
Groei deur Gebed
Name van God
Galasiërs
Psalm 119
1 & 2 Petrus
Gemaak vir Verhoudings
Die Pad na Kersfees
Die Bron van Dankbaarheid
Jy is Geliefd